

# **DIE VOORDEELVEREISTE IN DIE SUID-AFRIKAANSE INSOLVENSIEREG**

deur

**Retha du Plessis**

Ingedien ter gedeeltelike vervulling van die vereistes vir die graad

LLM (Handelsreg)

Aan die Fakulteit Regsgeleerdheid,  
Universiteit van Pretoria

April 2015

Studieleier: Mev H Coetzee

## VOORWOORD

---

Aan beide my ouers, André en Maria, en my sussie, Anene, baie dankie vir al julle liefde en ondersteuning! Sonder julle aanmoediging sou hierdie studie nie moontlik gewees het nie. Geen siekte kon in my pad staan met julle onvoorwaardelike liefde en ondersteuning nie. Julle is vir my 'n inspirasie en 'n ware voorbeeld.

Ek wil ook my studieleier, Mev Hermie Coetzee, bedank vir al die entoesiasme waarmee sy my begelei het om hierdie studie te kon voltooi. Dankie vir al die ondersteuning en advies.

Aan al my vriende en vriendinne: “Good friends are like stars. You don’t always see them, but you know they’re always there.” Baie dankie ook vir al julle aanmoediging en ondersteuning.

Ek wil ook graag my prinsipaal, Mnr Francois Greeff, bedank vir al sy geduld. Dankie dat jy bereid is om al jou kennis en wysheid met my te deel ten einde om my verder in my regsloopbaan op te lei en te vestig.

R du Plessis  
April 2015

## OPSOMMING

---

Daar bestaan twee wyses in die Suid-Afrikaanse reg waarvolgens 'n skuldenaar se boedel gesekwestreer kan word, naamlik vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie. In beide gevalle word voordeel vir skuldeisers as 'n vereiste gestel. Weens die spesifieke bewoording in die Insolvensiewet 24 van 1936, wil dit voorkom asof skuldeisers 'n ligter bewyslas ten opsigte van die voordeel vir skuldeisersvereiste het, aangesien die hof slegs daarvan oortuig moet wees dat daar *rede bestaan om te glo* dat die sekwestrasie tot die voordeel van skuldeisers sal wees. In die geval van vrywillige boedeloorgawe moet daar egter 'n positiewe bewys van voordeel vir skuldeisers bestaan. Hoewel dit nie die hoofdoel van die Insolvensiewet is om skuldverligting aan 'n oorverskuldigde skuldenaar te bied nie, verkry 'n skuldenaar wat suksesvol met 'n aansoek om sekwestrasie was, 'n kwytskelding van sy skulde.

Die voordeel vir skuldeisersvereiste is 'n hekkie wat in die pad van menigte skuldenaars staan ten einde om 'n kwytskelding van skulde te ontvang. Die enigste alternatiewe statutêre skuldverligtingsmaatreëls wat tot 'n skuldenaar se beskikking is, is die administrasiebevel ingevolge die Wet op Landdroshowe 32 van 1944, en die skuldher sieningsbevel ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005. Nie een van hierdie statutêre alternatiewe maatreëls verskaf aan die skuldenaar 'n kwytskelding van skulde nie. In die verlede het skuldenaars die gedwonge sekwestrasieproses in die vorm van 'n vriendskaplike sekwestrasie misbruik ten einde die streng vereistes van vrywillige boedeloorgawe te ontsnap en sodoende 'n kwytskelding van hul skulde ontvang. Hierdie tipe aansoeke word nou streng deur die hof beoordeel. Sommige hofe het selfs buite hul magte gegaan deur addisionele vereistes waaraan hierdie aansoeke moet voldoen, neer te lê. Daar is ook nou sommige hofe wat addisionele vereistes vir aansoeke om vrywillige boedeloorgawe neergelê het ten einde ook misbruik van die proses te voorkom. 'n Skuldenaar se toegang tot skuldverligting in die huidige Suid-Afrikaanse reg is dus daarom beperk.

Die Insolvensiewet differensieer tussen twee groepe skuldenaars, “ryk” skuldenaars wat in staat is om voordeel vir skuldeisers te bewys, en “arm” skuldenaars wat nie in staat is om voordeel vir skuldeisers te bewys nie. Die vraag wat dus gevra kan word is of daar moontlik op hierdie skuldenaars se reg op gelykheid kragtens artikel 9 van die Grondwet inbreuk gemaak word. Die doel van hierdie studie is om ‘n heroorweging van die voordeelvereiste ingevolge die Insolvensiewet, hoofsaaklik in die lig van die Grondwet aan te bied. Die sekwestrasieproses word bestudeer en dit word dan met ander statutêre skuldverligtingsmaatreëls vergelyk ten einde vas te stel of die voordeelvereiste ‘n beperking op ‘n sekere groep skuldenaars se reg op gelykheid kragtens die Handves van Regte plaas en, indien wel, of sodanige beperking billik of onbillik is.

## INHOUDSOPGAWE

---

Voorwoord.....	i
Opsomming.....	ii
<b>Hoofstuk 1: Inleiding.....</b>	<b>1</b>
1.1 Agtergrond.....	1
1.2 Probleemstelling.....	5
1.3 Doel van die studie.....	8
1.4 Struktuur.....	9
<b>Hoofstuk 2: Sekwestrasie ingevolge die Insolvensiewet.....</b>	<b>10</b>
2.1 Inleiding.....	10
2.2 Vrywillige boedeloorgawe.....	11
2.3 Gedwonge sekwestrasie.....	13
2.4 Voordeel vir skuldeisers.....	15
2.5 Vriendskaplike sekwestrasies en voordeel.....	17
2.6 Rehabilitasie.....	22
2.7 Voorstelle deur die Suid-Afrikaanse Regskommissie.....	24
2.8 Gevolgtrekking.....	26
<b>Hoofstuk 3: Alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls.....</b>	<b>28</b>
3.1 Inleiding.....	28

3.2 Administrasie as skuldverligtingsmaatreël.....	29
3.3 Skuldhersiening ingevolge die Nasionale Kredietwet 24 van 2005.....	31
3.4 Voordeel vir skuldeisers en die Nasionale Kredietwet.....	35
3.5 Akkoord.....	37
3.6 Gevolgtrekking.....	38
<b>Hoofstuk 4: Die reg op gelykheid kragtens artikel 9 van die Grondwet.....</b>	<b>41</b>
4.1 Inleiding.....	41
4.2 Die Suid-Afrikaanse Grondwet.....	43
4.2.1 Die reg op gelykheid.....	43
4.2.2 Die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie.....	47
4.2.3 Toepassing van die reg op gelykheid op die voordeelvereiste.....	47
4.3 Gevolgtrekking.....	51
<b>Hoofstuk 5: Gevolgtrekking.....</b>	<b>55</b>
5.1 Inleiding.....	55
5.2 Opsomming van bevindinge.....	55
5.3 Finale opmerkings.....	62
<b>Bibliografie.....</b>	<b>64</b>

# HOOFSTUK 1

## INLEIDING

---

### 1.1 Agtergrond

In Suid-Afrika is die oormatige gebruik van krediet nie 'n nuwe tendens nie en dit kan in sommige gevalle selfs as 'n oorlewingsmaatreël gesien word. In hierdie konteks is daar as volg berig:

Die gemiddelde middelklas Suid-Afrikaanse verbruiker is finansieël kwesbaarder as verlede jaar. Hy gaan selfs meer skuld aan om aan die lewe te bly pleks [sic] daarvan om sy bestaande skuld terug te betaal.<sup>1</sup>

Dit gebeur ongelukkig gereeld dat skuldenaars nie in staat is om hulle skulde aan hulle skuldeisers terug te betaal nie. Hoewel daar reeds verskeie skuldverligtingsmaatreëls vir verbruikers ingevolge Suid-Afrikaanse wetgewing bestaan, naamlik die sekwestrasieproses ingevolge die Insolvensiewet,<sup>2</sup> die administrasiebevel ingevolge die Wet op Landdroshowe<sup>3</sup> en skuldberadingsproses ingevolge die Nasionale Kredietwet,<sup>4</sup> word 'n groot groep insolvente skuldenaars van enige statutêre maatreël uitgesluit weens onder meer die streng toegangsvereistes. Verder bied slegs een van hierdie skuldverligtingsmaatreëls, naamlik die sekwestrasieprosedure, kwytskelding van skuld.

Wanneer daar na die ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg gekyk word, sal dit duidelik blyk dat die Suid-Afrikaanse insolvensiereg sy oorsprong deels vanuit die beginsels van die Romeins-Hollandse reg en deels vanuit die beginsels van die Engelse reg ontleen.<sup>5</sup> Indien 'n skuldenaar in die Romeinse reg, gedurende die periode van die Twaalf Tafels, nie in staat was om sy verpligtinge teenoor sy skuldeiser na te kom nie, was die skuldeiser geregtig om die skuldenaar as 'n slaaf te verkoop of die skuldeiser kon die skuldenaar se liggaam in dele opсны om te

---

<sup>1</sup> "SA middelklas maak skuld om te oorleef" *Beeld* 8 Mei 2013.

<sup>2</sup> 24 van 1936.

<sup>3</sup> 32 van 1944.

<sup>4</sup> 34 van 2005. Hierna die "NKW".

<sup>5</sup> Sien M Roestoff *'n Kritiese evaluasie van skuldverligtingsmaatreëls vir individue in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg* (LLD proefskrif 2002 Universiteit van Pretoria) 313.

verkoop.<sup>6</sup> Dit is duidelik dat daar van minder menslike metodes gebruik was om skuldenaars aan te moedig om hul skulde tydig te vereffen.

Soos reeds genoem bestaan daar in die hedendaagse Suid-Afrikaanse insolvensiereg verskeie prosedures wat tot die skuldenaar se beskikking ten einde die skuldenaar se skuldprobleem aan te spreek.<sup>7</sup> Indien 'n skuldenaar nie sy verpligtinge kan nakom nie, kan elkeen van sy skuldeisers individueel die skuld invorder.<sup>8</sup> Die skuldeiser kan byvoorbeeld die skuldenaar aanmaan om die skuld te betaal. Sou die skuldenaar nie op die aanmaning reageer nie, kan die skuldeiser die skuldenaar siviël dagvaar. Indien die skuldenaar nie sy vonnisskuld betaal nie, is die skuldeiser geregtig om deur middel van 'n lasbrief tot eksekusie op die skuldenaar se bates of loon/salaris beslag te lê. Daardie bates kan dan by wyse van 'n geregtelike veiling verkoop word en die skuldeiser se eis kan sodoende uit die opbrengs bevredig word.<sup>9</sup> Buiten vir hierdie individuele skuldinvorderingsmetodes, kan een of meerdere skuldeisers van gedwonge sekwestrasie ingevolge die Insolvensiewet gebruik maak om onder andere skuld in te vorder.<sup>10</sup> Gedwonge sekwestrasie is 'n voorbeeld van kollektiewe skuldafdwingingsprosedures en verseker 'n meer billike verdeling van die opbrengs van die skuldenaar se bates tussen skuldeisers.<sup>11</sup>

Dit is dan ook die hoofdoel van die sekwestrasieproses kragtens die Insolvensiewet om voorsiening te maak vir 'n kollektiewe skuldinvorderingsmetode wat die behoorlike en regverdigte verdeling van 'n skuldenaar se bates verseker in omstandighede waar die bates nie voldoende sal wees om al die skuldeisers se eise te bevredig nie. Oor die algemeen word dit aanvaar dat 'n *concursum creditorum* tot stand kom sodra 'n sekwestrasiebevel gemaak word.<sup>12</sup> Wanneer daar van 'n *concursum creditorum* gepraat word, beteken dit dat die algemene belang van die skuldeisers as 'n groep voorkeur geniet bo die van individuele skuldeisers.<sup>13</sup> Dus is

---

<sup>6</sup> Sien Bertelsman ea *Mars: The Law of Insolvency in South Africa* (2008) 6 (hierna *Mars*).

<sup>7</sup> *Mars* 1.

<sup>8</sup> *Ibid.* Sien ook Nagel ea *Kommersiële Reg* (2011) 486 (hierna *Nagel*).

<sup>9</sup> *Ibid.*

<sup>10</sup> A 9(1) van die Insolvensiewet.

<sup>11</sup> *Nagel* 485.

<sup>12</sup> CF Swart *Die Rol van 'n Concursum Creditorum in die Suid-Afrikaanse Insolvensiereg* (LLD proefskrif 1990 Universiteit van Pretoria). Sien ook *Mars* 2.

<sup>13</sup> *Nagel* 487; *Walker v Syfret NO* 1911 AD 141 166.



die hoofdoel nie om die skuldenaar te help nie, maar wel die skuldeisers as 'n groep. Kwytskelding van voorsekwestrasieskulde is egter 'n gevolg van rehabilitasie.<sup>14</sup>

Die skuldenaar kan ook self ingevolge die Insolvensiewet, by wyse van vrywillige boedeloorgawe, om sekwestrasie aansoek doen.<sup>15</sup> 'n Skuldenaar kan ook by 'n landdroshof om 'n administrasiebevel aansoek doen.<sup>16</sup> 'n Administrasiebevel behels dat 'n skuldenaar beveel word om sy skuld te vereffen deur periodieke betalings aan 'n administrateur te maak wat die geld dan onder die skuldeisers verdeel in verhouding tot die grootte van hul eise. Die bevel kan ook voorsiening maak dat die administrateur bates te gelde maak met die doel om die opbrengs daarvan onder die skuldeisers te verdeel. Solank as wat 'n administrasiebevel van krag is, kan daar, behalwe in uitsonderlike gevalle, geen verdere gedinge teen die skuldenaar aanhangig gemaak word nie.<sup>17</sup> 'n Skuldenaar se boedel kan onder administrasie geplaas kan word indien die totale bedrag van sy skulde nie die voorgeskrewe bedrag van R50 000 oorskry nie.<sup>18</sup> Die skuldenaar se toegang tot administrasie is dus beperk omdat hy slegs om administrasie aansoek kan doen as sy skulde nie die bedrag van R50 000 oorskry nie. Indien die skuldenaar suksesvol met vrywillige boedeloorgawe is sal hy kwytskelding van al sy voorsekwestrasieskulde ontvang. Wanneer die skuldenaar suksesvol in 'n aansoek om 'n administrasiebevel was, sal hy egter geen kwytskelding van sy skulde ontvang nie.

'n Verdere opsie is dat 'n skuldenaar van skuldheriensening ingevolge artikel 86 van die NKW gebruik kan maak.<sup>19</sup> Die NKW streef egter nie daarna om kwytskelding aan oorverskuldigde skuldenaars te bied nie.<sup>20</sup> Skuldheriensening neem 'n aanvang sodra 'n skuldenaar by 'n skuldberader aansoek doen om oorverskuldig verklaar te word.<sup>21</sup> Sodra die aansoek om skuldheriensening gemaak is, kan die partye ooreenkom op 'n terugbetalingsplan of die hof kan 'n skuldherstruktureringsbevel maak.<sup>22</sup> 'n

---

<sup>14</sup> Sien a 129 van die Insolvensiewet.

<sup>15</sup> Sien a 4 van die Insolvensiewet.

<sup>16</sup> A 74, 74A-W en reël 48 van die Wet op Landdroshowe.

<sup>17</sup> A 74P(1).

<sup>18</sup> A 74(1)(b); GK R3441 in SK 14498 van 31 Desember 1992.

<sup>19</sup> A 86 moet tesame met die Nasionale Krediet Regulasies gelees word, Reg 24.

<sup>20</sup> Sien a 3(g) en 3(i) van die NKW.

<sup>21</sup> A 86(1) gelees tesame met die Nasionale Krediet Regulasies, reg 24(1).

<sup>22</sup> A 86(7), 86(8) en 87 van die NKW.

Skuldenaar se toegang tot skuldheriensing is ook beperk, omdat, onder andere, 'n skuldenaar slegs vir skuldheriensing aansoek kan doen indien die skulde as 'n kredietooreenkoms ingevolge die NKW kwalifiseer.<sup>23</sup> Skuldheriensing bied ook nie aan die skuldenaar kwytstelling van skulde nie.

Na sekwestrasie kan 'n skuldenaar ook 'n gemeenregtelike akkoord of akkoord ingevolge die Insolvensiewet met sy skuldeisers bereik.<sup>24</sup> Die Insolvensiewet beperk egter 'n skuldenaar se toegang tot 'n statutêre akkoord, omdat daar sekere vereistes gestel word. Artikel 119 maak daarvoor voorsiening dat die insolvente skuldenaar ter enige tyd na die eerste vergadering van skuldeisers 'n akkoordaanbod via sy kurator aan sy skuldeisers maak. Indien die aanbod deur minstens driekwart in waarde en getal van al die bestaande skuldeisers aanvaar word, sal die minderheidskuldeisers ook daardeur gebind word.<sup>25</sup> Indien die akkoord voorsiening maak vir die betaling van 50 sent in die rand van elke eis, kan die skuldenaar dadelik om rehabilitasie aansoek doen<sup>26</sup> en sodoende kwytstelling van al sy skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het, bekom.

Dit is duidelik vanuit die bogenoemde bespreking dat baie skuldenaars van enige vorm van skuldverligting uitgesluit word. Waar skuldenaars wel vir alternatiewe tot sekwestrasie kwalifiseer sal hulle geen statutêre kwytstelling van hul skulde ontvang nie. Wanneer daar na die geskiedkundige ontwikkeling van die Suid-Afrikaanse insolvensiereg gekyk word en daar word gekyk na die skuldverligtingsmaatreëls wat tans tot 'n skuldenaar se beskikking is, is dit duidelik dat Suid-Afrika pro-skuldeiser georiënteerd is.

Dit wil voorkom asof skuldenaars in die Suid-Afrikaanse insolvensiesisteen weens die verskil in die bewyslas by die voordeelvereiste by vrywillige boedeloorgawe en gedwongesekwestrasie ongelyk behandel word. Dit kan moontlik teenstrydig met die bepalinge van die Suid-Afrikaanse Grondwet wees. Gelykheid dien as een van die hoekstene van die Grondwet. Artikel 1(a) van die Grondwet bepaal as volg:

---

<sup>23</sup> A 8(1) van die NKW bepaal dat 'n kredietooreenkoms 'n kredietfasiliteit, 'n krediettransaksie, 'n kredietwaarborg of enige kombinasie van hierdie drie behels.

<sup>24</sup> A 119-123 van die Wet op Landdroshowe.

<sup>25</sup> Ingevolge die gemenerereg sal 'n akkoord slegs geldig wees teenoor die skuldeisers wat die akkoord aanvaar.

<sup>26</sup> A 124(1).

Die Republiek van Suid-Afrika is een, soewereine, demokratiese staat gegrond op die volgende waardes:

(a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.

Aangesien so baie skuldenaars van die sekwestrasieproses uitgesluit is weens die streng toegangsvereistes en die gebrek aan alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls, kan daar moontlik geargumenteer word dat die deur vir sekere skuldenaars oopgemaak is om hulle posisie grondwetlik te toets. Die moontlikheid bestaan dat daar dalk op hierdie skuldenaars se reg op gelykheid ingevolge artikel 9 van die Grondwet inbreuk gemaak word. Die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie<sup>27</sup> het op 16 Junie 2003 in werking getree. Alle aangeleenthede wat kan, moet in die toekoms teen die bepalings van die Gelykheidswet en nie die Grondwet nie, getoets word. Die prosedures in die Gelykheidswet moet dus eerder gevolg word. Slegs waar die prosedures in die Gelykheidswet nie gepas is nie, is die Grondwet direk van toepassing. In hierdie studie word daar nie na die prosedures in die gelykheidswet gekyk nie, aangesien daar slegs vasgestel wil word of die voordeelvereiste moontlik onbillike teen 'n sekere groep skuldenaars diskrimineer.

## 1.2 Probleemstelling

Voordat die hof 'n aansoek om beide gedwonge sekwestrasie en vrywillige boedeloorgawe sal toestaan, is daar 'n aantal faktore wat deur die aansoeker bewys moet word. In beide gevalle moet daar voordeel vir skuldeisers bewys word. Dit is opvallend dat daar uit die bewoording van die onderskeie artikels<sup>28</sup> in die Insolvensiewet afgelei kan word dat die bewyslas ten aansien van die voordeelvereiste aansienlik verskil in die geval van vrywillige boedeloorgawe teenoor dié van gedwonge sekwestrasie. In die geval van gedwonge sekwestrasie is die bewyslas ligter. Artikels 10 en 12 is op gedwonge sekwestrasie van toepassing en ingevolge artikel 10 kan die hof 'n aansoek om voorlopige sekwestrasie toestaan indien daar *prima facie* rede bestaan om te glo dat sekwestrasie tot die voordeel van die skuldeisers sal wees. Ingevolge artikel 12 sal die hof 'n finale sekwestrasiebevel toestaan indien die hof oortuig is dat daar *rede bestaan* dat sekwestrasie tot die

---

<sup>27</sup> 4 van 2000 (hierna "Gelykheidswet").

<sup>28</sup> A 6(1), a 10(c) en a 12(1)(c) van die Insolvensiewet.

voordeel van die skuldeisers sal wees.<sup>29</sup> Artikel 6 is op vrywillige boedeloorgawe van toepassing en vereis dat daar 'n positiewe bewys van voordeel vir skuldeisers moet bestaan.<sup>30</sup>

Soos reeds uitgewys is die hoofdoel van die Insolvensiewet nie om skuldverligting aan skuldenaars te bied nie. Die hoofdoel van die sekwestrasieproses ingevolge die Insolvensiewet is om voorsiening te maak vir 'n kollektiewe skuldinvorderingsprosedure wat 'n billike en regverdigte verdeling van die skuldenaar se bates verseker, te maak.<sup>31</sup> In *R v Meer*<sup>32</sup> het die hof die volgende opmerking rakende die doel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet gemaak:

[T]he Insolvency Act was passed for the benefit of creditors and not for the relief of harassed debtors.<sup>33</sup>

Die voordeelvereiste is dus 'n versperring wat in die pad van baie skuldenaars staan van sekwestrasie as 'n skuldverligtingsmaatreël gebruik wil maak.<sup>34</sup> In *Ex parte Ford*<sup>35</sup> is daar namens die applikante geargumenteer dat die applikante 'n "grondwetlike reg" het om hulle boedels te laat sekwestreer. Die hof het dit egter weereens beklemtoon dat die primêre doel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet nie is om verligting aan skuldenaars te bied nie, maar om skuldeisers te bevoordeel.<sup>36</sup> Die argument wat namens die applikante in die *Ex parte Ford*-saak aangevoer is, laat die vraag ontstaan of die voordeelvereiste ingevolge die Insolvensiewet nie dalk in stryd met die reg op gelykheid<sup>37</sup> ingevolge die Grondwet is nie. Menigte skuldenaars word van die vrywillige boedeloorgaweproses uitgesluit weens die streng bewyslas. Hierdie skuldenaars kan nie vrywillige boedeloorgawe bekostig weens die swaar bewyslas nie. Dit wil dus blyk asof die Insolvensiewet tussen groepe van skuldenaars differensieer, dié wat voordeel vir skuldeisers kan bekostig en dié wat dit nie kan bekostig nie. 'n Skuldenaar behoort toegang tot 'n effektiewe skuldverligtingsmaatreëls wat aan hom kwytskelding van sy skulde bied.

---

<sup>29</sup> *Meskin & Co v Friedman* 1948 2 SA 555 (W) 558.

<sup>30</sup> Sien A Boraïne & M Roestoff "Vriendskaplike sekwestrasies – 'n produk van verouderde beginsels? (Deel 1)" (1993) *De Jure* 229; *Nagel* 500.

<sup>31</sup> *Mars* 2-3.

<sup>32</sup> 1957 (3) SA 614 (N) 619.

<sup>33</sup> Sien ook *Ex parte Pillay* 1955 (2) SA 309 (N) 311.

<sup>34</sup> *Mars* 3. Sien ook A Boraïne & M Roestoff 241.

<sup>35</sup> 2009 (3) SA 376 (WCC).

<sup>36</sup> *Ex parte Ford* 383.

<sup>37</sup> A 9 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996.

Dit moet egter in gedagte gehou word dat skuldenaars se skuldprobleme dikwels aan hulle eie nalatigheid te wyte is. Dus moet 'n eerlike, maar ongelukkige (“honest but unfortunate”)<sup>38</sup> skuldenaar kwytsekding kan verkry, maar die proses moet nie deur *mala fide* skuldenaars misbruik kan word nie.

Die Suid-Afrikaanse Regkommissie, wat ten doel het om navorsing ten opsigte van al die takke van die Suid-Afrikaanse reg te doen en dan dienooreenkomstig voorstelle aan die Staat maak, is bewus van die probleem wat menigte oorverskuldigde skuldenaars ondervind, naamlik om voordeel vir skuldeisers te bewys en sodoende vir die sekwestrasieproses te kwalifiseer.<sup>39</sup> Die Regskommissie stel nou 'n nuwe prosedure as alternatief tot sekwestrasie voor, naamlik 'n voorlikwidasië komposisie. In die 2000-Insolvensiewetsontwerp word daar dus voorsiening gemaak vir 'n likwidasië deur die hof aan die een kant en aan die ander kant maak dit ook voorsiening vir 'n statutêre kompromie voor likwidasië. By likwidasië deur die hof is voordeel vir skuldeisers egter steeds 'n vereiste. Volgens die Regskommissie is likwidasië deur die hof 'n duur prosedure om te volg en dit is onaanvaarbaar om van hierdie prosedure gebruik te maak in omstandighede waar die skuldenaar nie oor voldoende bates beskik om voordeel vir skuldeisers te verseker nie. Die Regskommissie stel voor dat hierdie skuldenaars eers probeer om 'n statutêre kompromie met skuldeisers aan te gaan voordat die hof genader word.<sup>40</sup>

Omdat sekwestrasie, in teenstelling met die ander alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls, kwytsekding aan die skuldenaar bied, is die proses in die verlede deur skuldenaars in die vorm van vriendskaplike sekwestrasie misbruik ten einde hierdie kwytsekding te verkry.<sup>41</sup> 'n Vriendskaplike sekwestrasie behels in kort waar skuldenaars die gedwonge sekwestrasieproses met 'n ligter bewyslas misbruik het ten einde om skuldverligting by wyse van die sekwestrasieproses te verkry. In sommige beslissings het die hof selfs addisionele minimum vereistes vir vriendskaplike sekwestrasies neergelê, maar hierdie beslissings is deur regslui

---

<sup>38</sup> Sien *Local Loan v Hunt* 292 US 234 (1934).

<sup>39</sup> *South African Law Commission Report Project 63 “Review of the Law of Insolvency Vol 1: Explanatory Memorandum (2000)”* 46-47 (hierna “Verduidelikende memorandum”).

<sup>40</sup> Sien Skedule 4 van die 2000-Wetsontwerp.

<sup>41</sup> RG Evans “The Abuse of the Process of Court and Possible solutions for Overburdened Debtors” (2001) 13 *SA Merc LJ* 485. Sien ook *Esterhuizen v Swanepoel and Sixteen Other Cases* 2004 (4) SA 89 (W) 92.

gekritiseer omdat die howe *ultra vires* opgetree het en die werk van die wetgewer oorgeneem het.<sup>42</sup>

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking behoort dit duidelik te wees dat 'n skuldenaar tans in die Suid-Afrikaanse reg te arm kan wees om “bankrot” verklaar te word.<sup>43</sup> Waar 'n skuldenaar se bates waardeloos is sal sekwestrasie nie tot die voordeel van skuldeisers wees nie en sodoende sal die skuldenaar nie kwytskelding kan verkry nie.<sup>44</sup>

Evans<sup>45</sup> is van mening dat die voorstelle van die Suid-Afrikaanse Regskommissie 'n oplossing bied om die leemte in hierdie area van die reg te vul. Vanaf skuldeisers se oogpunt is hierdie voorstelle te verwelkom, omdat selfs “klein” konkurrente skuldeisers nou 'n deel van hulle eise sal kan terug ontvang omdat daar nie die moontlikheid van kontribusies bestaan nie. Wat die skuldenaars betref, het Evans<sup>46</sup> die volgende stelling gemaak:

Insolvency legislation invariably almost over-reaches itself in regulating the position of different classes of creditors. The debtor, however, is apparently merely defined, with no further attention being given to him, her or it. Although the Act does not provide for different classes of debtors who are being treated differently in accordance with differing or changing circumstances, it does in fact differentiate between those “rich debtors” who are able to prove advantage to creditors, and the “poor debtors” who cannot. This raises the question whether, under present legislation, the door has been opened for those ‘poor debtors’ to question the constitutionality of their position.

### 1.3 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om 'n heroorweging van die voordeelvereiste ingevolge die Insolvensiewet, hoofsaaklik in die lig van die Grondwet, aan te bied. Die sekwestrasieproses ingevolge die Insolvensiewet word bestudeer en dit word dan

---

<sup>42</sup> *Mthimkhula v Rampersad & Another (BOE Bank Ltd, Intervening Creditor)* [2000] 3 All SA 512 (N); *Vermeulen v Hubner* (Ongerapporteerde saaknommer 1165/1990, datum onbekend); *Sellwell Shop Interiors v Van der Merwe* (Ongerapporteerde saaknommer 27527/2990, 16 November 1990); RG Evans (2001) 501.

<sup>43</sup> MR Rochelle “Lowering the penalties for failure: using the insolvency law as a tool for spurring economic growth, the American experience, and possible uses for South Africa” 1996 *TSAR* 315 318.

<sup>44</sup> *Kerbel v Chames* 1925 WLD 72 77.

<sup>45</sup> RG Evans “The Abuse of the Process of Court in Friendly Sequestration Proceedings in South Africa” *IIR* (2002) 13 33-34.

<sup>46</sup> *Ibid.*

met die ander statutêre skuldeverligtingsmaatreëls vergelyk om vas te stel of die voordeelvereiste 'n beperking op 'n sekere groep skuldenaars se op die reg op gelykheid kragtens die Handves van Regte plaas en, indien wel, of sodanige beperking billik of onbillik is.

#### **1.4 Struktuur**

Hierdie studie is in vyf hoofstukke verdeel. Hoofstuk 1 is inleidend en beoog om die nodige agtergrond wat tot hierdie studie aanleiding gegee het, te verskaf. In hoofstuk 2 sal daar op die sekwestrasieproses ingevolge die Insolvensiewet gefokus word. In hoofstuk 3 word 'n oorsig oor die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls en hulle vereistes aangebied. Hoofstuk 4 fokus op die reg op gelykheid kragtens die Grondwet. Hier sal daar ondersoek word of wetgewing op artikel 9 inbreuk maak en, indien wel, wanneer sodanige inbreukmaking as onbillik geag kan word. In hoofstuk 5 word daar tot 'n gevolgtrekking gekom en nodige aanbevelings word gemaak.

## HOOFSTUK 2

### SEKWESTRASIE INGEVOLGE DIE INSOLVENSIEWET

---

#### 2.1 Inleiding

Daar bestaan twee wyses in die Suid-Afrikaanse reg waarvolgens 'n skuldenaar se boedel gesekwestreer kan word. Die eerste wyse waarvolgens 'n skuldenaar se boedel gesekwestreer kan word is by wyse van vrywillige boedeloorgawe. Vrywillige boedeloorgawe behels dat die skuldenaar of sy verteenwoordiger by die hof aansoek doen om die aanname van die oorgawe van sy boedel.<sup>1</sup> Tweedens kan 'n skuldenaar se boedel gesekwestreer word by wyse van gedwonge sekwestrasie. Gedwonge sekwestrasie behels dat die skuldeisers of hul verteenwoordigers by die hof aansoek doen vir die sekwestrasie van die skuldenaar se boedel.<sup>2</sup>

Die prosedure en vereistes van vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie verskil wesenlik, maar die gevolge van die sekwestrasie sal in elk van die gevalle dieselfde wees.<sup>3</sup> Voordeel vir skuldeisers is 'n vereiste wat by beide vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie bewys moet word. Uit die bewoording van die Insolvensiewet<sup>4</sup> wil dit voorkom of dit makliker is om voordeel vir skuldeisers by gedwonge sekwestrasie te bewys.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat die hoofdoel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiereg nie is om die skuldenaar van sy verpligtinge kwyd te skeld nie, maar eerder om die skuldenaar se bates regverdig en tot die voordeel van sy skuldeisers te verdeel.<sup>5</sup> In hierdie hoofstuk sal daar gepoog word om te wys dat die streng bewyslas ten aansien van die voordeelvereiste, skuldenaars moontlik kan benadeel deurdat hul sodoende van die sekwestrasieprosedure as skuldverligtingsmaatreël uitgesluit word.

---

<sup>1</sup> A 3(1).

<sup>2</sup> A 9(1).

<sup>3</sup> Sharrock ea *Hockly's Insolvency Law* (2012) 17 (hierna *Hockly*).

<sup>4</sup> 24 van 1936.

<sup>5</sup> Bertelsmann ea *Mars: The Law of Insolvency in South Africa* (2008) 3 (hierna *Mars*). Sien ook *Nel NO v Body Corporate of the Seaways Building* 1996 1 SA 131 (SCA) 138E; *Fesi v Absa Bank Ltd* 2000 1 SA 499 (C) 502D-G.



In hierdie hoofstuk sal daar na die vereistes vir vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie gekyk word ten einde die konteks waarin die voordeelvereiste voorkom, uiteen te sit. Vrywillige boedeloorgawe word in paragraaf 2 bespreek, en gedwonge sekwestrasie in paragraaf 3. In paragraaf 4 word daar spesifiek op die voordeel vir skuldeisersvereiste gefokus. Daar sal ook spesifiek op die verskil in die bewyslas gefokus word. In paragraaf 5 word daar na sogenaamde vriendskaplike sekwestrasies gekyk ten einde uit te wys hoe die verskil in bewyslas in gedwonge sekwestrasie en vrywillige boedeloorgawe, en spesifiek ten aansien van die voordeelvereiste, daartoe aanleiding gegee het. Daar sal aangetoon word dat hoewe hierdie tipe aansoeke streng beoordeel, omdat hul van mening is dat skuldenaars in sulke tipe gevalle die sekwestrasieproses misbruik. Paragraaf 6 bevat 'n algemene oorsig oor rehabilitasie. In paragraaf 7 word sommige van die Suid-Afrikaanse Regskommissie se voorstelle kortliks bespreek. Paragraaf 8 bevat 'n algemene gevolgtrekking.

## 2.2 Vrywillige boedeloorgawe

'n Aansoek om vrywillige boedeloorgawe word deur die skuldenaar self, of deur sy verteenwoordiger met spesifieke volmag daartoe, gebring. Voordat die skuldenaar om vrywillige boedeloorgawe aansoek kan doen, is daar drie formele stappe wat deur die skuldenaar nagekom moet word.<sup>6</sup> Die drie formele stappe kan kortliks as volg uiteengesit word:

- (a) Die skuldenaar moet 'n kennisgewing van boedeloorgawe in die Staatskoerant en 'n koerant wat in omloop in die distrik waar hy woon, of in die distrik waar sy hoofbesigheidsplek geleë is, publiseer.<sup>7</sup> Hierdie kennisgewing moet met Formulier A van die Eerste Bylae ooreenstem.<sup>8</sup> Die publikasie van die kennisgewing moet nie meer as 30 dae, en nie minder as 14 dae voor die verhoordatum van die aansoek geskied nie.<sup>9</sup> Die doel van hierdie publikasie is om die skuldeisers behoorlik van die skuldenaar se

---

<sup>6</sup> Sien a 4.

<sup>7</sup> A 4(1).

<sup>8</sup> *Hockly 20*; *Nagel ea Kommersiële reg* (2011) 492 (hierna "Nagel").

<sup>9</sup> A 4(1); *Hockly 20*. Sien ook *Ex parte Kruger* 1930 CPD 37; *Ex parte Trollip* 1940 WLD 46; *Ex parte Maas* 1940 WLD 103.

voorneme om aansoek om vrywillige boedeloorgawe te doen, in te lig, sou hulle beplan om die aansoek teen te staan.<sup>10</sup>

- (b) Binne sewe dae na die publikasie van die kennisgewing van oorgawe, insluitende die dag van publikasie, moet die skuldenaar 'n afskrif daarvan aan al die skuldeisers wie se adresse hy ken of kan vasstel, pos of aflewer.<sup>11</sup> Die skuldenaar is dan ook verder verplig om 'n afskrif van die kennisgewing per pos aan die Suid-Afrikaanse Inkomstediens en aan elke geregistreerde vakbond wat na sy wete enige van sy werknemers verteenwoordig, te stuur. Die skuldenaar moet so 'n afskrif ook aan al sy werknemers verskaf.<sup>12</sup>
- (c) Die skuldenaar moet 'n vermoënsstaat wat met Formulier B van die Eerste Bylae ooreenstem opstel en twee eksemplare daarvan by die meesterskantoor indien asook 'n verdere eksemplaar by die plaaslike landdroskantoor as daar nie 'n meesterskantoor in die distrik is waarin hy woon of besigheid bedryf nie.<sup>13</sup>

Die doel van die formele stappe in artikel 4 is hoofsaaklik om die skuldenaar se skuldeisers van sy beoogde aansoek in kennis te stel en om hulle dus die geleentheid te gun om die aansoek teen te staan.<sup>14</sup> Hierdie stappe moet noukeurig nagekom word. Die Insolvensiewet maak daarvoor voorsiening dat die hof 'n fout kan kondoneer indien dit op 'n formele gebrek sou neerkom. Indien sodanige gebrek nadelig vir die skuldenaar se skuldeisers sou wees en nie deur 'n hofbevel reggestel kan word nie, kan dit nie gekondoneer word nie.<sup>15</sup>

Nadat daar aan al die formele stappe voldoen is moet daar aan die volgende substantiewe vereistes voldoen word en moet die skuldenaar die volgende aspekte op 'n oorwig van waarskynlikhede bewys:<sup>16</sup>

- (a) Dat al die formele stappe nagekom is. Om vas te stel of al die formele stappe nagekom is, word dokumentêre getuienis aan die hof voorgehou.<sup>17</sup>

---

<sup>10</sup> *Hockly* 20; *Mars* 49.

<sup>11</sup> A 4(2)(a).

<sup>12</sup> A 4(2)(b)(ii) en 4(2)(b)(iii).

<sup>13</sup> A 4(3) en 4(5).

<sup>14</sup> *Nagel* 493.

<sup>15</sup> A 157(1); *Nagel* 493.

<sup>16</sup> A 6.

<sup>17</sup> *Nagel* 494.

- (b) Dat die skuldenaar feitelik insolvent is. 'n Skuldenaar is feitelik insolvent indien sy totale laste die waarde van al sy bates oorskry. Die vermoënstaat sal gewoonlik die omvang van die skuldenaar se bates en laste aantoon.<sup>18</sup> Die hof is egter nie aan sodanige waardasies, soos deur die vermoënsstaat gereflekteer, gebonde nie.<sup>19</sup>
- (c) Daar is voldoende vrye oorskot<sup>20</sup> om die koste van sekwestrasie te delg. Sou die skuldenaar nie daarin slaag om te bewys dat daar voldoende vrye oorskot is nie moet die aansoek vir oorgawe afgekeur word. Die hof kan wel die aansoek toestaan waar daar twyfel bestaan of daar voldoende vrye oorskot is, maar daar bestaan 'n waarborg dat die koste vir sekwestrasie gedelg sal word.<sup>21</sup>
- (d) Sekwestrasie is tot die voordeel van skuldeisers. 'n Ondersteunende eedsverklaring moet 'n bewering bevat dat sekwestrasie tot die voordeel van die skuldeisers sal wees.<sup>22</sup>

Wanneer al vier die bogenoemde aspekte deur die skuldenaar bewys word, beskik die hof steeds oor die diskresie om die aansoek om boedeloorgawe toe te staan of om dit af te keur.<sup>23</sup>

### 2.3 Gedwonge sekwestrasie

Die proses van gedwonge sekwestrasie bestaan uit 'n voorlopige sekwestrasiebevel en 'n finale sekwestrasiebevel. 'n Hof sal slegs 'n finale sekwestrasie bevel maak indien daar aan al die vereistes van 'n voorlopige sekwestrasiebevel voldoen is. Voordat die hof 'n voorlopige sekwestrasiebevel sal toestaan, moet die applikant *prima facie* kan bewys dat:<sup>24</sup>

---

<sup>18</sup> *Hockly* 18.

<sup>19</sup> *Ex parte Van den Berg* 1962 4 SA 402 (O) 404.

<sup>20</sup> A 2 van die Insolvensiewet omskryf "vrye oorskot" as daardie deel van die boedel wat nie aan 'n preferente reg onderhewig is nie.

<sup>21</sup> *Smith The Law of Insolvency* (1988) 27; *Hockly* 19.

<sup>22</sup> *Mars* 74.

<sup>23</sup> *Nagel* 495; *Mars* 76; *Hockly* 30.

<sup>24</sup> A 10.

- (a) Hy 'n gelikwildeerde vordering,<sup>25</sup> wat hom geregtig maak om vir die sekwestrasie van die skuldenaar se boedel aansoek te doen, het.<sup>26</sup> Artikel 9(1) bepaal dat 'n enkele skuldeiser, of sy verteenwoordiger, wat 'n gelikwildeerde vordering van nie minder as R100 teen die skuldenaar het, 'n aansoek om gedwonge sekwestrasie kan bring. Die aansoek kan ook deur twee of meer skuldeisers wat gesamentlik gelikwildeerde vorderings van nie minder as R200 teen die skuldenaar het, gebring word.<sup>27</sup> Die vordering moet geldig en afdwingbaar wees en moes nie verjaar het nie.<sup>28</sup>
- (b) Die skuldenaar is feitelik insolvent of het 'n daad van insolvensie begaan. Dit kan soms problematies vir die skuldeisers wees om feitelike insolvensie te bewys.<sup>29</sup> In gevalle waar dit problematies is vir die skuldeisers om feitelike insolvensie te bewys, kan die skuldeisers in die alternatiewe bewys dat die skuldenaar 'n daad van insolvensie begaan het.<sup>30</sup>
- (c) Daar *rede bestaan om te glo* dat sekwestrasie tot die voordeel van die skuldeisers sal strek.

Die hof sal ingevolge artikel 12 die boedel van 'n insolvent finaal, op die keerdatum, sekwestreer indien die hof oortuig is dat:

- (a) Die skuldeiser 'n gelikwildeerde vordering het;
- (b) die skuldeiser insolvent is of 'n daad van insolvensie begaan het; en
- (c) daar *rede bestaan om aan te glo* dat sekwestrasie tot die voordeel van die skuldeisers sal wees.

---

<sup>25</sup> *Nagel* omskryf 'n "gelikwildeerde vordering" as 'n geldeis. 'n Vordering vir die lewering van 'n saak, of om iets te doen of nie te doen nie, of waar daar in geld 'n vordering vir 'n geldbedrag 'n dispuut is oor die bestaan van die vordering, is geen gelikwildeerde vordering nie.

<sup>26</sup> A 9(1).

<sup>27</sup> Sien ook *Hockly* 33 en *Nagel* 498.

<sup>28</sup> *Nagel* 498.

<sup>29</sup> *Ibid.*

<sup>30</sup> A 8 van die Insolvensiewet bevat al die dade van insolvensie. Dit is veral belangrik om op artikel 8(g) te let. Hierdie subartikel bepaal dat 'n skuldenaar 'n daad van insolvensie begaan indien hy skriftelik aan enige van sy skuldeisers kennis gee dat hy nie in staat is om al of enige van sy skulde te betaal nie. Hierdie subartikel word dikwels misbruik sodat die skuldenaar by wyse van 'n sogenaamde "vriendskaplike sekwestrasie" gesekwestreer word.

## 2.4 Voordeel vir skuldeisers

In *Walker v Syfret*<sup>31</sup> is beslis dat die primêre doel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet is om 'n billike verdeling van 'n skuldenaar se bates tussen sy skuldeisers te verseker in omstandighede waar die skuldenaar se bates nie voldoende is om die skuldeisers se eise te bevredig nie.<sup>32</sup> Alhoewel dit nie die primêre doel van die Insolvensiewet is om skuldverligting aan skuldenaars te bied nie, verkry 'n skuldenaar, wat vir die sekwestrasieproses kwalifiseer, tog kwytstelling van al sy skuld wat voor sekwestrasie ontstaan het by rehabilitasie.<sup>33</sup>

Beide vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie is baie duur en vereis 'n aansoek in die Hoë Hof.<sup>34</sup> Buiten die hoë kostes, dien die voordeelvereiste as 'n verdere hekkie in die pad van 'n sekwestrasiebevel.<sup>35</sup> Oorverskuldigde skuldenaars het die opsie om hulle boedels by wyse van vrywillige boedeloorgawe te laat sekwestreer en kan kwytstelling van al hulle skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het, by rehabilitasie ontvang. As die skuldenaar egter nie voldoende voordeel vir skuldeisers kan bewys nie, sal die hof so 'n aansoek van die hand wys. In die geval van 'n gedwonge sekwestrasie hoef die hof slegs daarvan oortuig te wees dat daar *rede bestaan om te glo* dat sekwestrasie tot die voordeel van skuldeisers sal wees. Die woorde “rede om te glo” is van besondere belang. Wanneer daar na die spesifieke bewoording van die Insolvensiewet gekyk word, wil dit voorkom dat dit makliker is om voordeel vir skuldeisers by gedwonge sekwestrasie te bewys as voordeel vir skuldeisers by vrywillige boedeloorgawe,<sup>36</sup> omdat daar in die geval van vrywillige boedeloorgawe 'n positiewe bewys ten aansien van die voordeelvereiste is in teenstelling met “rede om te glo” by gedwonge sekwestrasie.<sup>37</sup> Omdat die bewyslas by vrywillige boedeloorgawe swaarder is, word 'n groot aantal skuldenaars sodoende van die sekwestrasieproses uitgesluit.<sup>38</sup> Ondanks die belangrikheid van en

---

<sup>31</sup> 1911 AD141 166. Sien ook *Mars 2*.

<sup>32</sup> Sien ook *Mars 2*.

<sup>33</sup> A 129(b). Sien ook *Mars 3*.

<sup>34</sup> M Roestoff & S Renke “Debt Relief for Consumers – Insolvency and Consumer Protection Legislation” (Deel 2) (2006) 27 *Obiter* 98 99.

<sup>35</sup> Sien a 6, 10 en 12.

<sup>36</sup> A 6(1), 10(c) en 12(1)(c). Sien ook A Boraine en M Roestoff “Vriendskaplike sekwestrasie – 'n produk van verouderde regsbeginsele?” (Deel 1) (1993) *De Jure* 238.

<sup>37</sup> Vergelyk a 6(1) met a 10(c) en 12(1)(c); *Amod v Khan* 1947 (2) SA 432 (N).

<sup>38</sup> Volgens die INSOL International Consumer Debt Report (2001) is een van die beginsele wat uit verbruikerskuldverligtingmaatreëls moet blyk, kwytstelling van oorverskuldigheid, rehabilitasie of sogenaamde “Fresh Start”. Deur aan 'n verbruiker wat nie redelik in staat is om sy skulde terug te

fokus op die voordeelvereiste, bevat die Insolvensiewet geen definisie van “voordeel vir skuldeisers nie en bestaan daar dus onsekerheid ten aansien van wanneer sekwestrasie tot die “voordeel van skuldeisers” sal wees.<sup>39</sup>

Howe het oor die jare verskeie praktyke en beginsels ontwikkel en toegepas om te bepaal of sekwestrasie tot die voordeel van skuldeisers sal wees.<sup>40</sup> Voorts is een van die mees belangrike oorwegings waaraan die hof sal aandag skenk of die skuldeiser spoedig ‘n dividend sal ontvang.<sup>41</sup> Die grootte van die dividend sal afhang van die feite en omstandighede van elke saak, asook die houding van die skuldeisers.<sup>42</sup> Daar bestaan egter geen voordeel as daar, nadat die kostes van sekwestrasie gedelg is, geen of slegs ‘n negeerbare dividend vir onversekerde skuldeisers oorbly nie.<sup>43</sup>

In *Botha v Botha*<sup>44</sup> het die hof beslis dat ‘n dividend van 1,6 sent in die rand nie voldoende was om voordeel vir skuldeisers daar te stel nie, maar in *ABSA Bank Ltd v De Klerk*<sup>45</sup> was ‘n dividend van 5 sent in die rand wel voldoende om sekwestrasie te regverdig. Daar is ook sekere praktyksriglyne oor wat die grootte van die dividend moet wees. Volgens die praktykshandleiding van die Gauteng Noord Hoë Hof is die grootte van die dividend wat voordeel vir skuldeisers daar stel tans 20c in die rand, behalwe as daar buitengewone omstandighede teenwoordig is.<sup>46</sup> Alhoewel kontroversieël, is daar egter ook beslissings wat dit eens is dat die bewys van ‘n

---

betaal nie, “fresh start” te gee is die samelewing se manier om erkenning te gee aan die feit dat oorskuldigheid verskoonbaar is. Dit is die sleutel in enige insolvensie- of rehabilitasiesisteme en gebaseer op die beginsel dat ‘n verbruiker ‘n kans gegun moet word om oor te begin, vry van al sy voorafbestaande skulde. Volgens die eerste aanbeveling moet wetgewers wetgewing bekratig wat aan ‘n skuldenaar ‘n “fresh start” gun indien hy in goeie trou opgetree het toe hy die skulde aangegaan het en hy weens omstandighede buite sy beheer nie in staat is om sy skulde tydig te vereffen nie. Die tweede aanbeveling is dat die reg vir verkillende roetes waarvolgens ‘n skuldenaar kwytskelding kan verkry, afhangend van die spesifieke situasie van die skuldenaar en ook die aard van die skulde.

<sup>39</sup> M Roestoff ‘n Kritiese evaluasie van skuldverligtingsmaatreëls vir individue in die Suid-Afrikaanse Insolvensiereg (LLD proefskrif 2002 UP) 348.

<sup>40</sup> Smith 62. Sien CF Swart *Die Rol van ‘n Concursus Creditorium in die Suid-Afrikaanse Insolvensiereg* (LLD proefskrif 1990 UP) 273. Sien ook Roestoff 348.

<sup>41</sup> *Meskin & Co v Friedman* 1948 2 SA 555 (W); *London Estates (Pty) Ltd v Nair* 1957 3 SA 591 (D).

<sup>42</sup> *Trust Wholesalers and Woolens (Pty) Ltd v Macan* 1954 2 SA 109 (N); *Fesi v ABSA Bank Ltd* 2000 1 SA 499 (K).

<sup>43</sup> *London Estates (Pty) Ltd v Nair* 1957 3 SA 591 (D).

<sup>44</sup> 1990 4 SA 499 (W).

<sup>45</sup> 1999 4 SA 835 (OK).

<sup>46</sup> Praktykshandleiding van die Noord Gauteng Hoë Hof (25 Julie 2011) 91.

sogenaamde indirekte voordeel voldoende is, al bestaan daar geen geldelike voordeel vir skuldeisers nie.<sup>47</sup>

Skuldeisers sal weet wanneer sekwestrasie tot hulle voordeel sal wees en elke skuldeiser behoort ook te weet wat in hulle beste belang is.<sup>48</sup> Voordeel vir skuldeisers beteken nie noodwendig dat sekwestrasie tot die voordeel van die meerderheid van die skuldeisers moet wees nie.<sup>49</sup> “Skuldeisers” in die frase “voordeel vir skuldeisers” beteken verder nie noodwendig dat dit op al die skuldeisers of slegs een skuldeiser slaan nie, maar het betrekking op die algemene liggaam van die meerderheid skuldeisers ongeag die grootte van hulle eise.<sup>50</sup> Die applikant sal moet bewys dat sekwestrasie tot die voordeel van skuldeisers as ‘n groep sal strek<sup>51</sup> en dat dit nie net tot die voordeel van een skuldeiser is nie.<sup>52</sup>

## 2.5 Vriendkaplike sekwestrasies en voordeel

Dit is reeds beklemtoon<sup>53</sup> dat die primêre oogmerk van die Insolvensiewet nie is om kwytskelding aan insolvente skuldenaars te bied nie, maar eerder om die billike en regverdige verdeling van die skuldenaar se bates te verseker. Die wetgewer poog om hierdie doel te bereik deur onder andere die voordeelvereiste wat in beide vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie aansoeke vereis word. ‘n Skuldenaar sal kwytskelding van al sy skuld wat voor sekwestrasie ontstaan het ontvang nadat hy gerehabiliteer is.<sup>54</sup>

Omdat sekwestrasie uiteindelik kwytskelding aan ‘n skuldenaar verleen, word die proses van gedwonge sekwestrasie soms deur skuldenaars in die vorm van ‘n sogenaamde “vriendskaplike sekwestrasie” gebruik ten einde skuldverligting te bekom.<sup>55</sup> Die gedwonge sekwestrasieprosedure word verkies aangesien, onder andere, die bewyslas ten aansien van die voordeelvereiste ligter in vergelyking met

---

<sup>47</sup> Smith 62.

<sup>48</sup> Mars 138.

<sup>49</sup> *Ibid.*

<sup>50</sup> *Peycke v Nathoo* 1929 50 NLR 178 185. Sien ook Roestoff 349.

<sup>51</sup> *Stainer v Estate Beukes* 1933 OPD 86.

<sup>52</sup> *Peycke v Nathoo* 1929 185.

<sup>53</sup> Hoofstuk 1 en par 2.4 hierbo.

<sup>54</sup> Mars 2-3.

<sup>55</sup> Sien RG Evans “Friendly Sequestrations, the Abuse of the Process of Court, and Possible Solutions for Overburdened Debtors” (2001) *SA Merc LJ* 485.

‘n aansoek om vrywillige boedeloorgawe is. Die term “vriendskaplike sekwestrasie” behels in kort dat daar ‘n vriendskaps- of familieband tussen die skuldenaar en aansoekende skuldeiser bestaan. In meeste gevalle word in hierdie verband van artikel 8(g)<sup>56</sup> van die Insolvensiewet gebruik gemaak.<sup>57</sup> Dus is ‘n vriendskaplike sekwestrasie in werklikheid niks anders as ‘n aansoek om gedwonge sekwestrasie nie.<sup>58</sup> Deur van ‘n vriendskaplike aansoek gebruik te maak probeer die skuldenaar om die streng bepalinge van artikel 4 te vermy. Artikel 4 is egter juis daarop gemik om die belange van die skuldeisers te beskerm.<sup>59</sup> Howe is geneig om hierdie aansoek met omsigtigheid te behandel. Die hof sal daarom, indien ‘n vriendskaplike sekwestrasie vermoed word, noukeurig vasstel of daar ‘n vooruitsig bestaan dat sekwestrasie wel tot die voordeel van die skuldeisers sal wees en dat daar geen benadeling of moontlike benadeling vir die skuldeisers bestaan nie.<sup>60</sup>

Om vas te stel dat daar geen benadeling vir die skuldeisers bestaan nie, vereis howe voldoende en akkurate inligting met betrekking tot die skuldenaar en ook behoorlike bewys ten opsigte van al die skuldenaar se bates asook ‘n behoorlike waardasie daarvan.<sup>61</sup> In sommige beslissings het die howe addisionele minimum vereistes vir vriendskaplike sekwestrasies neergelê. Hierdie beslissings is deur sommige kommentators gekritiseer omdat die howe buite hulle magte optree. As daar enige tekortkoming in ‘n wet is, is dit immers die taak van die wetgewer om dit dit reg te stel.<sup>62</sup>

In *Hillhouse v Stott; Freban Investments (Pty) Ltd v Itzkin; Botha v Botha*<sup>63</sup> moes Levison J drie aansoeke om vriendskaplike sekwestrasies oorweeg. Dit het in elke

---

<sup>56</sup> A 8(g) van die Insolvensiewet bepaal dat waar ‘n skuldenaar aan enige van sy skuldeisers skriftelik kennis gee dat hy nie in staat is om sy skulde te betaal nie, die skuldenaar gevolglik ‘n daad van insolvensie begaan.

<sup>57</sup> Smith 75; *Nagel* 502.

<sup>58</sup> Sien M Roestoff & H Coetzee “Consumer Debt Relief in South Africa; Lessons from America and England; and Suggestions for the Way Forward” (2012) 24 *SA Merc LJ* 56.

<sup>59</sup> Smith 76.

<sup>60</sup> *Epstein v Epstein* 1987 4 SA 606 (K); *Klemrock (Pty) Ltd v De Klerk* 1973 3 SA 925 (W); *Craggs v Dedekind; Ex parte Steenkamp v Baartman and Another* 1996 1 SA 935(K).

<sup>61</sup> *Craggs v Dedekind* supra n 65; *Streicher v Viljoen* (1999) All SA 257 (NC); *Ex parte Steenkamp and Related Cases* 1996 (3) SA 822 (C) 825; *Meyer v Batten* 1999 (1) SA 1041 (W).

<sup>62</sup> Sien *Mthimkhula v Rampersad & Another (BOE Bank Ltd Intervening Creditor)* (2000) 3 All SA 512 (N); *Vermeulen v Hubner* (ongerapporteerde saak nr 1165/1990, datum onbekend); *Sellwell Shop Interiors v Van Der Merwe* (ongerapporteerde saak nr 27527/1990, 16 November 1990); Sien ook RG Evans (2001) 501.

<sup>63</sup> 1990 4 SA 580 (W).



saak geblyk dat die waarde van die respondente se bates net oor R5 000 was, wat deur die praktyk as die minimum bedrag geag was om die koste van sekwestrasie en die administrasie van die insolvente boedel te dek.<sup>64</sup> Die regter het geweier om enige riglyne neer te lê, wat behulpsaam sal wees om vas te stel of daar 'n billike dividend vir skuldeisers sal bestaan, omdat dit op die wetgewer se taak inbreuk sal maak.<sup>65</sup> Daar is beslis dat elke saak op grond van sy eie feite en meriete beoordeel moet word.<sup>66</sup> In die omstandighede van hierdie onderskeie sake was die vrye oorskot egter nie voldoende om 'n aanvaarbare dividend aan die skuldeisers te bied nie en het die hof die aansoeke gevolglik van die hand gewys.<sup>67</sup>

In *Vermeulen v Hubner*<sup>68</sup> het die regter die standpunt ingeneem dat sekere skuldenaars in samewerking met skuldeisers, vriendskaplike sekwestrasies misbruik om die formaliteitsvereistes in artikel 4 te ontsnap. 'n Vraag voor die hof was of dit nodig is om meer veiligheidsmeganismes in vriendskaplike sekwestrasies in te bou. Ten spyte van die feit dat vriendskaplike sekwestrasies 'n gedwonge sekwestrasie aansoek is, het die hof beslis dat sodanige aansoeke aan die volgende verdere vereistes moet voldoen:

- (a) Die applikant-skuldeiser moet 'n volledige staat van die bates en laste van die respondent-skuldenaar voorlê;
- (b) Die applikant-skuldeiser moet ook 'n volledige lys van die respondent-skuldenaar se skuldeisers kry;
- (c) Die applikant-skuldeiser moet ook minstens tien dae voor die verhoor per geregistreerde pos aan elke skuldeiser kennis gee van die aansoek, die verhoordatum en die plek waar die stukke ter insae gelê word.

Die hof het ook beslis dat waar 'n skuldenaar aanhoudend deur sy skuldeisers om betaling gedruk word, hy van vrywillige boedeloorgawe gebruik moet maak. Van Dijkhorst J verklaar in hierdie verband as volg:

Gevalle wat tuis hoort onder artikel 4 van die Insolvensiewet en by wyse van boedeloorgawe moet geskied, paradeer nou in 'n deursigtige kled van 'n gedwonge sekwestrasie. Dit is nie wat die wetgewer beoog het nie. Dit is

---

<sup>64</sup> *Idem* 582 B.

<sup>65</sup> *Idem* 586 D.

<sup>66</sup> *Idem* 586 E.

<sup>67</sup> *Idem* 586 B-C.

<sup>68</sup> Ongerapporteerde saaknr 1165/1990 (T).

duidelik dat die prosedure van 'n gedwonge sekwestrasie onder artikel 9 en 10 ontwerp is vir gebruik deur teënstanders en nie daargestel is vir gebruik deur die insolvent self nie. Daarteenoor is artikel 4 ter beskikking van 'n insolvent wat sy boedel wil oorgee en die knellende wurggreep van sy skuldeisers wil afwerp.

Die regter in *Sellwell Shop Interiors v Van der Merwe*<sup>69</sup> het die hof in die *Vermeulen*-saak gekritiseer. Volgens die hof is artikel 4 nie tot die beskikking van skuldenaars om hulle van hul skulde te verlos nie, aangesien dit ontwerp is om die belange van skuldeisers te beskerm. Vrywillige boedeloorgawe is egter, indien dit tot die voordeel van die skuldeisers is, tot die skuldenaar se beskikking.

Verder het die hof in die *Sellwell*-saak beslis dat die hof in die *Vermeulen*-saak nie die magte het om addisionele voorvereistes buite die Wet neer te lê nie. Regter Flemming wys daarop dat dit slegs die magte van die wetgewer is om die Wet te wysig. Verder het Regter Flemming daarop gewys dat aansoeke vir vriendskaplike sekwestrasies nie noodwendig op die misbruik van die proses dui slegs omdat die applikant die skuldenaar behulpsaam wil wees nie.

Howe het selfs nog verder gegaan en in *Mthimkhulu v Rampersad*<sup>70</sup> het die hof die volgende addisionele vereistes neergelê:

- (a) Die applikant moet bewys dat hy *locus standi* het. Dit moet vir die hof duidelik wees hoe die skuldoorsaak waarop die applikant steun, ontstaan het.
- (b) Die applikant sal redes moet aanvoer waarom hy oor geen sekuriteit vir die skuld beskik nie.
- (c) 'n Volledige lys van die skuldenaar se bates moet ingedien word. Daar moet tesame met die lys, getuienis wees van wat die waarde van hierdie bates sal wees as dit by 'n geforseerde verkoping verkoop sou word.
- (d) In die geval waar die waarde van die onroerende eiendom gewaardeer moet word, moet die waardeerder sy kwalifikasies en sy ondervinding met betrekking tot waardasies bewys. Die waardeerder moet ook meld wat die prys is wat die eiendom op 'n openbare veiling moontlik sou kon behaal.

---

<sup>69</sup> Ongerapporteerde saaknr 27527/1990.

<sup>70</sup> 2000 3 All SA 512 (N) 517. Sien ook M Roestoff (LLD proefskrif 2002 UP) 250.

- (e) Waar daar 'n dringende aansoek is om 'n eksekusieverkoping te stuit, moet daar voldoende redes aangevoer word waarom die aansoek op die laaste oomblik gebring word.
- (f) Daar moet ook kennis van die aansoek aan elke verbandhouer gegee word.
- (g) Waar dit 'n aansoek vir die verlening van 'n voorlopige sekwestrasiebevel is moet daar ook voldoende redes, wat deur 'n beëdigde verklaring gesteun word, aangevoer word.

Na aanleiding van wat hierbo bespreek is, is dit duidelik dat hiedie praktyk ontwikkel het omdat dit juis vir skuldenaars so moeilik is om voordeel vir skuldeisers by vrywillige boedeloorgawe te bewys. Howe het nou selfs ook begin om addisionele vereistes by aansoeke om vrywillige boedeloorgawe daar te stel in 'n poging om misbruik van die proses van vrywillige boedeloorgawe te voorkom. In onlangse regspraak het houe beslis dat die kern van “voordeel vir skuldeisers” daarin lê dat die hof 'n beslissing of daar wel voldoende bates in die skuldenaar se boedel is om die koste van sekwestrasie te delg sowel as om die skuldeisers van 'n nie-negeerbare dividend te voorsien, moet maak op grond van al die getuienis wat aangebied is.<sup>71</sup> In hierdie verband het houe aangedring op presiese inligting ten opsigte van die skuldenaar se boedel sowel as 'n realistiese berekening van 'n moontlike dividend.<sup>72</sup>

In *Ex parte Ongunlaja and Others*<sup>73</sup> het die hof uitgelig dat die waardeerder, wat die funksie van 'n deskundige getuie vervul, heeltemal onafhanklik behoort te wees. Die waardeerder behoort ook heeltemal “in die donker” te wees rakende die hoeveelheid van die insolvent se bates wat op eksekusie verkoop moet word ten einde om voordeel vir skuldeisers daar te stel. Die hof het beslis dat waardeerders onder eed moet bevestig dat hulle die waardasie, sonder dat hulle enige kennis van die waarde van die insolvent se bates dra wat voordeel vir skuldeisers daar sal stel, voorberei het.<sup>74</sup>

---

<sup>71</sup> *Ex parte Mattysen et Uxor (First Rand Bank Ltd Intervening)* 2003 (2) SA 308 (T) 316; *Ex parte Anthony en 'n Ander en Ses Soortgelyke Aansoeke* 2000 (4) SA 116 (C) 124; *Nel v Lubbe* 1999 (3) SA 109 (W) 112.

<sup>72</sup> *Mars* 63; *Ex parte Bouwer and Similar Applications* 2009 (6) SA 382 (GNP) 386.

<sup>73</sup> [2000] JOL 27029 (GNP).

<sup>74</sup> *Idem* par 38 3en 39.

Na aanleiding van die bogenoemde bespreking is dit duidelik dat 'n skuldenaar wat die sekwestrasieproses as 'n vorm van skuldverligting wil gebruik, steeds die hekkie, wat deur die voordeelvereiste veroorsaak word, moet oorkom.<sup>75</sup> Bertelsmann J in *Ex parte Ongunlaja*<sup>76</sup> het in hierdie verband die volgende opmerking gemaak:

Unless and until the Insolvency Act is amended, the South African insolvency law requires an advantage to creditors before the estate of an individual can be sequestrated. Much as the troubled economic times might engender sympathy for debtors whose financial burdens has become too much to bear, the insolvency law seeks to protect the interests of creditors at least to the extent that a minimum advantage must be ensured for the concurrent creditor when the hand of law is laid on the insolvent estate.

## 2.6 Rehabilitasie

'n Insolvent kan gerehabiliteer word by wyse van 'n hofbevel of deur tydsverloop.<sup>77</sup> Enige belanghebbendes kan teen die aansoek beswaar maak. Die insolvent moet vooraf by die Griffier sekerheid van minstens R500 stel vir koste van teenstand.<sup>78</sup> Die hof kan die aansoek toestaan op voorwaardes wat hy goeddink.<sup>79</sup> Die gronde waarop aansoek om rehabilitasie gedoen kan word is:

- (a) In alle gevalle behalwe die uitdruklik hieronder genoem, kan die skuldenaar na die verloop van 12 maande na bekragtiging van die eerste kuratorsrekening om rehabilitasie aansoek doen. Artikel 124(2)(a) bepaal dat die applikant kennis van ses weke van sy voorneme om aansoek te doen, aan die Meester en sy kurator in die Staatskoerant moet gee.
- (b) Die skuldenaar kan na afloop van drie jaar na bekragtiging van die eerste kuratorsrekening, waar dit nie die eerste keer is dat die insolvent se boedel gesekwestreer is nie,<sup>80</sup> aansoek om rehabilitasie doen mits hy ses weke vooraf soos in (a) hierbo uiteengesit, kennis van sy voorneme gegee het en nie aan 'n misdryf skuldig bevind is nie.
- (c) Indien die insolvent skuldig bevind is aan 'n bedrieglike handeling met betrekking tot sy bestaande of vorige insolvensie of skuldig bevind is aan 'n misdryf ingevolge artikels 132, 133 of 134, kan hy vyf jaar na skuldigbevinding

---

<sup>75</sup> M Roestof en H Coetzee "Consumer Debt Relief in South Africa; Lessons from America and England; and Suggestions for the way Way Forward" (2012) 24 *SA Merc LJ* 53 58.

<sup>76</sup> *Supra* n 73 par 36.

<sup>77</sup> A 124.

<sup>78</sup> A 125.

<sup>79</sup> A 127(2) en (3). *Kruger v The Master* 1982 1 SA 754 (W); *Ex parte Le Roux* 1996 (2) SA 419 (K); *Ex parte Theron*; *Ex parte Smit*; *Ex parte Webster* 1999 4 SA 136 (O).

<sup>80</sup> A 124(2)(b).

aansoek om rehabilitasie doen. Skuldigbevinding en vonnis van die applikant is 'n voorvereiste, maar indien hy wel gevonnissen is, is dit 'n absolute vereiste dat die skuldenaar vyf jaar moet wag. Ses weke kennisgewing moet gegee word soos in (a) en (b) hierbo uiteengesit is.<sup>81</sup>

In geeneen van die gevalle in (a) – (c) hierbo sal die hof rehabilitasie binne vier jaar na sekwestrasie beveel, tensy die Meester dit aanbeveel nie.<sup>82</sup> Indien geen eise teen die insolvent se boedel bewys word nie, dit die eerste keer is dat sy boedel gesekwestreer word en hy nie aan enige van die misdrywe hierbo vermeld skuldig bevind is nie, kan hy na die verloop van ses maande na sekwestrasie kennis van sy voorneme gee soos in (a) hierbo vermeld.<sup>83</sup>

Indien die insolvent 'n akkoord met sy skuldeisers aangegaan het en dit blyk uit die sertifikaat van aanname, soos deur die Meester uitgereik, dat minstens 50 sent in die rand van alle bewese vorderings betaal is of sekuriteit daarvoor gestel is, kan hy na aanname van die akkoord aansoek om rehabilitasie doen, mits hy drie weke vooraf kennis van sy voorneme in die Staatskoerant gee en 'n afskrif daarvan aan sy kurator oorhandig of dit per geregistreerde pos aan hom stuur.<sup>84</sup> As die boedelrekening voorsiening maak vir volle betalings van alle bewese eise met rente kan die skuldenaar te enige tyd na bekragtiging van die distribusierekening aansoek om rehabilitasie doen mits hy drie weke vooraf kennis aan die Meester en kurator gee.<sup>85</sup>

Rehabilitasie deur tydsverloop geskied outomaties na 10 jaar vanaf die datum van sekwestrasie indien die insolvent nie by die hof om 'n rehabilitasie aansoek gedoen het nie. 'n Belanghebbende kan egter by die hof aansoek doen om 'n bevel dat die insolvent nie na 10 jaar as gerehabiliteer geag word nie.<sup>86</sup>

---

<sup>81</sup> A 124(2)(c).

<sup>82</sup> A 124(2) se voorbehoud en sien ook *Kruger v The Master* 1982 1 SA 754 (W); *Ex parte Porritt* 1991 3 SA 866 (N); *Ex parte Anderson* 1995 1 SA 40 (SOK).

<sup>83</sup> A 124(3).

<sup>84</sup> A 124(1).

<sup>85</sup> A 124(5).

<sup>86</sup> A 127(A).

Die gevolge van rehabilitasie is dat, behoudens die voorwaardes wat deur die hof opgelê is, sekwestrasie beëindig word en skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het as kwytskeld beskou word. Die insolvent word dan weer as ten volle handelingsbevoeg beskou, maar as al sy skulde nog nie betaal is nie, bly die bates wat reeds onder die kurator se beheer is, onder die beheer van die kurator vir tegeldemaking en distribusie.<sup>87</sup>

Dit is duidelik vanuit die bogenoemde bespreking dat rehabilitasie en die gevolglike kwytskelding wat die skuldenaar ontvang, een van die hoofredes is waarom 'n skuldenaar sy boedel by wyse van 'n aansoek om vrywillige boedeloorgawe sal laat sekwestreer. Die streng bewyslas ten opsigte van die voordeel vir skuldeisersvereiste is 'n hekkie waarvoor menigte skuldenaar moet kom voordat hy sodanige skuldverligting kan bekom.

## **2.7 Voorstelle deur die Suid-Afrikaanse Regskommissie**

Die Suid-Afrikaanse Regshervormingskommissie het ten doel om navorsing ten opsigte van al die takke van die Suid-Afrikaanse reg te doen en dan dienooreenkomstig voorstelle aan die Staat te maak vir die ontwikkeling, verbetering en hervorming van die reg.<sup>88</sup> Die Regskommissie het voorgestel dat die voordeel vir skuldeisersvereiste behoue bly.<sup>89</sup> Die Regskommissie het geen uitdruklike redes verskaf waarom die voordeelveerste behoue moet bly nie. Dit wil voorkom of die Regskommissie se motivering is om te verseker dat sekwestrasie, wat 'n duur prosedure is om te volg, slegs voor aansoek gedoen word indien dit gevolglik as koste-effektief beskou sal word. Met ander woorde dat die vrye oorskot voldoende is om die koste van sekwestrasie te delg en om 'n negeerbare dividend aan die skuldeisers te betaal.<sup>90</sup>

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie het 'n voorgestelde klousule 74X van die Wet of Landdroshowe as deel van Skedule 4 van die 2000-Insolvensiewetsontwerp ingesluit. Hierdie voorgestelde klousule maak vir 'n voorlikwidasië komposisie tussen

---

<sup>87</sup> A 25(1).

<sup>88</sup> <http://www.justice.gov.za/salrc/> besoek op 11 November 2014.

<sup>89</sup> South African Law Commission, Report on the review of the Law of Insolvency (Project 63) Vol 1 (Explanatory Memorandum) and Vol 2 (Draft Bill) (Februarie 2000). Sien 2000 Verduidelikende Memorandum 15.

<sup>90</sup> H Coetzee & M Roestoff *International Insolvency Review* (2013) Vol 22 195.

die skuldenaar en sy skuldeisers voorsiening.<sup>91</sup> Indien daar geen komposisie tussen die skuldenaar en die meerderheid skuldeisers bereik kan word nie, sal dit dan duidelik wees dat die skuldenaar inderdaad insolvent is. In hierdie geval maak subklousule (16) van Skedule 4 van die 2000-Wetsontwerp voorsiening vir 'n verdere remedie in die vorm van 'n goedkoper likwidasië-prosedure.<sup>92</sup> Met die skuldenaar se toestemming sal hy dan as insolvent geag word en ook aan die verpligtinge en gevolge van 'n insolvent kragtens die Insolvensiewet gebonde wees. Indien die skuldenaar tot die likwidasië toestem, sal die hof die Meester van die Hoë Hof van 'n sertifikaat voorsien. Die sertifikaat is nie 'n hofbevel nie en die skuldenaar se status sal dieselfde bly. Alhoewel geen voordeel vir skuldeisers of sekuriteit vir kostes hier vereis word nie, word skuldeisers se belange wel beskerm omdat daar onder andere voorsiening gemaak word vir 'n Aanhangsel wat as 'n verklaring van die skuldenaar se sake dien, die registrasie van 'n *caveat* by die Registrateur van Aktes en die beslaglegging van bates nadat 'n likwidasiëbevel gemaak is.<sup>93</sup> 'n Skuldenaar sal gevolglik ook so 'n kwytskelding van skulde kan verkry.

Daar is tans 'n nuwe weergawe van die wetsontwerp, naamlik die 2014-Insolvensiewetsontwerp. Die voorstel om die voorlikwidasië-prosedure by die Wet op Landdroshof in te sluit, verskuif nou na die Insolvensiewet. In die 2014-Insolvensiewetsontwerp maak klousule 118 voorsiening vir 'n voorlikwidasië komposisie met skuldeisers. 'n Skuldenaar kan die komposisie by die landdroshof inhandig en dan sal die komposisie deur die skuldeisers oorweeg word. Indien die skuldeisers die komposisie aanvaar en 'n skuldeiser wat geregtig is om 'n voordeel vanuit die komposisie te ontvang, nie daardie voordeel ontvang nie, kan sodanige skuldeiser gevolglik die komposisie ter syde laat stel. Die skuldeiser se eis bly dan steeds verskuldig en opeisbaar.<sup>94</sup> Indien die komposisie nie deur die vereiste meerderheid van die skuldeisers aanvaar word nie, sal die hof een van twee beslissings maak. Die hof sal 'n bevel kan maak dat die prosedure kragtens klousule 118 opgeskort is en die skuldenaar sal weer in die posisie waarin hy voordat hy van

---

<sup>91</sup> RG Evans "The Abuse of the Process of Court in Friendly Sequestration Proceedings in South Africa" *Insol International Review* (2002) 12 32.

<sup>92</sup> Sien subklousules (11) en (16) van Skedule 4 van die 2000-Wetsontwerp.

<sup>93</sup> Sien Skedule 4 van die 2000-Wetsontwerp en Verduidelikende memorandum 263 en verder.

<sup>94</sup> Sien klousule 118(15) van die 2014-Wetsontwerp.

klousule 118 gebruik gemaak het wees of die hof sal kyk of die bepalings van artikel 74 van die Wet op Landdroshowe<sup>95</sup> op die betrokke skuldenaar van toepassing is en dit dan sodanig toepas.<sup>96</sup>

## 2.8 Gevolgtrekking

Ingevolge die Insolvensiewet bestaan daar twee wyses waarvolgens 'n skuldenaar se boedel gesekwestreer kan word: vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie.<sup>97</sup> Ingevolge vrywillige boedeloorgawe kan die skuldenaar self of by wyse van sy verteenwoordiger by die hof om die vrywillige oorgawe van sy boedel aansoek doen.<sup>98</sup> In die geval van gedwonge sekwestrasie bring die skuldeisers of hul verteenwoordiger die aansoek.<sup>99</sup> In beide gevalle word voordeel vir skuldeisers as 'n vereiste gestel.<sup>100</sup>

Uit die bewoording van die onderskeie artikels in die Insolvensiewet is dit duidelik dat skuldenaars 'n swaarder bewyslas by die voordeel vir skuldeisersvereiste het, aangesien daar 'n positiewe bewys van voordeel vir skuldeisers moet bestaan.<sup>101</sup> Skuldeisers het 'n baie ligter bewyslas ten opsigte van die voordeelvereiste by gedwonge sekwestrasies, aangesien die hof slegs daarvan oortuig moet dat daar rede bestaan dat die sekwestrasie tot die voordeel van die skuldeisers moet wees.<sup>102</sup>

Die Insolvensiewet bevat geen definisie van “voordeel vir skuldeisers” nie. Dit wil voorkom of “voordeel vir skuldeisers” beteken dat die skuldeisers ten minste 'n dividend moet ontvang.<sup>103</sup> Die grootte van die dividend sal egter van die feite en omstandighede van elke saak afhang. Volgens 'n parktykshandleiding wat deur die hoë hof in Pretoria gepubliseer is, sal 'n dividend van 20c in die rand voldoende

---

<sup>95</sup> In hoofstuk 3 sal administrasiebevele kragtens die Wet op Landdroshowe 32 van 1944 in meer besonderhede bespreek word.

<sup>96</sup> Sien klousule 118(16) van die 2014-Wetsontwerp.

<sup>97</sup> Sien par 2.1.

<sup>98</sup> Par 2.2.

<sup>99</sup> Par 2.3.

<sup>100</sup> Sien par 2.2 en par 2.3.

<sup>101</sup> Par 2.4.

<sup>102</sup> *Ibid.*

<sup>103</sup> *Ibid.*



wees om voordeel vir skuldeisers daar te stel, behalwe as daar buitengewone omstandighede teenwoordig is.<sup>104</sup>

Die primêre doel van die Insolvensiewet is nie om skuldverligting aan skuldenaars te bied nie, maar eerder om 'n billike en regverdigte verdeling van 'n skuldenaar se bates onder sy skuldeisers te verseker in omstandighede waar die skuldenaar nie redelik in staat is om die eise van skuldeisers te bevredig nie.<sup>105</sup> 'n Skuldenaar wat wel suksesvol met 'n aansoek om vrywillige boedeloorgawe is, sal by rehabilitasie, kwytstelling van al sy skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het, ontvang.<sup>106</sup> Omdat die bewyslas ten opsigte van die voordeelvereiste ligter is by gedwonge sekwestrasie, het skuldenaars in die verlede vriendskaplike sekwestrasies gebruik om 'n kwytstelling van skulde te verkry.<sup>107</sup> Alhoewel die howe en sommige kommentators vriendskaplike sekwestrasies as misbruik van die sekwestrasieproses sien, kan die vraag egter gevra word of vriendskaplike sekwestrasies nie op 'n leemte rakende Suid-Afrika se skuldverligtingsmaatreëls dui nie. Omdat dit vir soveel skuldenaars moeilik is om die swaar bewyslas ten opsigte van die voordeelvereiste kwyt te skeld, staan die voordeelvereiste dus in die pad van baie skuldenaars om 'n kwytstelling van hul skulde te ontvang.<sup>108</sup>

Dit blyk egter dat die wetgewer die dilemma rakende die bewys van voordeel vir skuldeisers raaksien. Die wetgewer poog om hierdie probleem op te los deurdat die wetgewer tans 'n prosedure wat tot skuldenaars wat nie in staat is om voordeel vir skuldeisers te bewys nie se beskikking is, te formuleer.<sup>109</sup> Klousule 118 in die 2014-Wetsontwerp maak nou daarvoor voorsiening dat skuldenaars 'n voorlikwidasie-komposisie met hul skuldeisers kan aangaan.<sup>110</sup> Waar die voorlikwidasie-komposisie voorheen as deel van artikel 74 van die Wet op Landdroshowe voorgestel is, maak die 2014-Wetsontwerp voorsiening dat dit as deel van die Insolvensiewet ingesluit word.<sup>111</sup>

---

<sup>104</sup> *Ibid.*

<sup>105</sup> Sien par 2.1.

<sup>106</sup> Sien par 2.7.

<sup>107</sup> Par 2.5.

<sup>108</sup> Sien par 2.4, par 2.5 en par 2.6.

<sup>109</sup> Par 2.7.

<sup>110</sup> *Ibid.*

<sup>111</sup> *Ibid.*

## HOOFSTUK 3

### ALTERNATIEWE SKULDVERLIGTINGSMAATREËLS

---

#### 3.1 Inleiding

Die Suid-Afrikaanse reg maak vir 'n aantal statutêre alternatiewe (tot sekwestrasie) skuldverligtingsmaatreëls voorsiening. 'n Skuldenaar wat dus nie voordeel vir skuldeisers kan bewys nie en sodoende nie toegang tot die sekwestrasieproses het nie, kan van een van die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls gebruik maak.

Alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls wat tans in die Suid-Afrikaanse reg tot 'n skuldenaar se beskikking is, is administrasiebevele ingevolge die Wet op Landdroshowe,<sup>1</sup> skuldher siening ingevolge die Nasionale Kredietwet<sup>2</sup> en 'n statutêre akkoord ingevolge die Insolvensiewet.<sup>3</sup> In hierdie hoofstuk word elk van die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls met mekaar en die sekwestrasieproses vergelyk. Dit word gedoen ten einde aan te toon dat alhoewel die bogenoemde prosedures as alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls beskou word, dit inderdaad nie behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls is nie, omdat die skuldenaar se toegang daartoe in sekere omstandighede beperk is. Indien skuldenaars wel tot die prosedures toegelaat word, ontvang hul nie soos by sekwestrasie 'n kwyt skelding nie. Verder is die doel van hierdie hoofstuk om te toon dat waar 'n skuldenaar wel vir een van die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls kwalifiseer, dit nie skuldverligting, in die vorm van 'n kwyt skelding, aan die skuldenaar bied nie.

In paragraaf 2 word die administrasieproses ingevolge die Wet op Landdroshowe bespreek en in paragraaf 3 word die skuldher sieningsproses ingevolge die Nasionale Kredietwet bespreek. In beide gevalle word die proses en vereistes ondersoek. Wat die skuldher sieningsproses aanbetref, word sekere transaksies van

---

<sup>1</sup> 32 van 1944.

<sup>2</sup> 34 van 2005 (hierna die "NKW").

<sup>3</sup> 24 van 1936.

sy toegangsgebied uitgesluit wat ook onder paragraaf 3 bespreek word. In paragraaf 4 word die wisselwerking tussen die NKW en die voordeelvereiste bespreek. Paragraaf 5 handel kortliks oor die gemeenregtelike en statutêre akkoord wat sommige skuldenaars tot hul beskikking het. In paragraaf 6 word daar tot 'n gevolgtrekking gekom.

### **3.2 Administrasiebevele as skuldverligtingsmaatreël**

'n Skuldenaar wat homself in finansiële moeilikheid bevind, kan aansoek doen dat sy boedel onder administrasie geplaas word. Hierdie prosedure is tot die beskikking van skuldenaars wat nie in staat is om hulle finansiële verpligtinge na te kom nie of wat nie in staat is om 'n vonnisskuld te betaal nie en wat nie oor voldoende bates beskik wat vir beslaglegging vatbaar is nie. Sodanige skuldenaars kan by die Landdroshof aansoek doen vir 'n bevel om hulle boedels onder administrasie te plaas.<sup>4</sup> Die effek van 'n administrasiebevel is dat die skuldenaar beveel word om sy skuld te vereffen deur periodieke betalings aan 'n administrateur te maak wat die geld dan onder die skuldeisers verdeel in verhouding tot die grootte van hul eise. Die bevel kan ook bates aantoon wat deur die administrateur te gelde gemaak kan word met die doel om die opbrengs onder die skuldeisers te verdeel.<sup>5</sup>

Die doel van die administrasiebevel is om 'n skuldenaar by te staan gedurende 'n periode van "finansiële verleentheid" sonder dat dit nodig is om sy boedel te sekwestreer.<sup>6</sup> Hierdie prosedure is meer geskik vir persone met kleiner boedels en waar sekwestrasie moontlik al die bates in die boedel sal "inluk".<sup>7</sup> Boraïne<sup>8</sup> beskryf die administrasiebevel as 'n skuldverligtingsmaatreël wat tot die beskikking van sekere skuldenaars is wat hulself in finansiële moeilikheid bevind en wat aan hulle die geleentheid bied om 'n statutêre herstrukturering van hul skuld te verkry wat deur 'n hofbevel gereël word. Terwyl 'n administrasiebevel van krag is, kan, behalwe in

---

<sup>4</sup> Wet op Landdroshowe 32 van 1944, a 74, 74A-W en R 48.

<sup>5</sup> A Boraïne & M Roestoff "Vriendskaplike sekwestrasies – 'n produk van verouderde beginsels?" (Deel 1) (1993) *De Jure* 229 230-231.

<sup>6</sup> *Cape Town Municipality v Dunne* 1964 1 SA 741 (C) 744; *Levine v Viljoen* 1952 1 SA 456 (W) 459.

<sup>7</sup> *Fortuin v Various Creditors* 2004 2 SA 570 (C) 573.

<sup>8</sup> A Boraïne "Some Thoughts on the Reform of Administration Orders and Related Issues" (2003) 36 *De Jure* 217.

uitsonderlike gevalle, geen verdere geding teen die skuldenaar aanhangig gemaak word nie<sup>9</sup> en 'n hof waarin daar 'n geding teen die skuldenaar aanhangig gemaak is, moet die geding by ontvangs van kennis van die administrasiebevel opskort.<sup>10</sup>

'n Skuldenaar kan egter slegs vir 'n administrasiebevel aansoek doen indien die totale bedrag van al sy skulde nie die bedrag van R50 000 oorskry nie.<sup>11</sup> In *Cape Town Municipality v Dunne*<sup>12</sup> het die hof beslis dat “skulde” verwys na skulde wat “verskuldig en opeisbaar” is en dat dit nie toekomstige skulde insluit nie. Die administrasie sal van krag bly totdat al die gelyste skuldeisers ten volle betaal is.<sup>13</sup>

Die administrasieprosedure maak nie voorsiening vir enige kwytskelding van skulde of koste nie en daar is geen maksimum tydsbeperking nie. 'n Skuldenaar wat dus onder administrasie geplaas is, maar wat nie voldoende inkomste verdien om sy skulde wat verskuldig en opeisbaar is, tydig te vereffen nie, kan vir die res van sy lewe aan 'n administrasiebevel gebonde wees. Wanneer 'n mens skuldenaars wie se boedels deur 'n administrasiebevel beheer word vergelyk met skuldenaars wie se boedels deur 'n sekwestrasiebevel beheer word, word die skuldenaars wie se boedels onder administrasie is, benadeel. Sekwestrasie, indien daar aan sekere voorwaardes voldoen word, verleen aan die skuldenaar kwytskelding van alle skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het, waar die administrasieprosedure geen kwytskelding aan die skuldenaar bied nie.<sup>14</sup>

Bo en behalwe die feit dat die administrasiebevel 'n gebrekkige skuldverligtingsmaatreël is in die sin dat dit nie vir kwytskelding van enige skulde voorsiening maak nie sal skuldenaars wat geen inkomste verdien nie en geen bates

---

<sup>9</sup> A 74P(1).

<sup>10</sup> A 74P(2).

<sup>11</sup> GK R3441 in SK 14498 van 31 Desember 1992.

<sup>12</sup> Supra n 3.

<sup>13</sup> A 74U.

<sup>14</sup> A 129 van die Insolvensiewet; sien ook M Roestoff & H Coetzee “Consumer Debt Relief in South Africa; Lessons from America and England; and Suggestions for the Way Forward” (2012) 24 SA Merc LJ 53 66.

besit nie, sal nie vir administrasie kan kwalifiseer nie.<sup>15</sup> Dit is dus duidelik dat administrasiebevele sekere beperkings en tekortkominge het en dat dit dus nie as 'n effektiewe alternatiewe skuldverligtingsmaatreël gesien kan word nie. Soos in hoofstuk 2 uitgewys is, is die sekwestrasieprosedure egter slegs moontlik in gevalle waar voordeel vir skuldeisers bewys kan word.

### 3.3 Skuldhersiening ingevolge die Nasionale Kredietwet 34 van 2005

Een van die hoofdoelstellings van die NKW is om skuldverligting deur 'n skuldherstrukturering in gevalle van oorverskuldigheid te bied.<sup>16</sup> Artikel 86 bevat die hoof skuldverligtingsmeganisme kragtens die NKW, naamlik skuldhersiening.<sup>17</sup> Die NKW streef egter nie daarna om oorverskuldigheid by wyse van kwytskelding aan te spreek nie.<sup>18</sup> In hierdie verband het die Hoogste Hof van Appél in *Collett v FirstRand Bank Ltd*<sup>19</sup> die volgende opmerking gemaak:

The purpose of the debt review is not to relieve the consumer of his obligations but to achieve either a voluntary debt re-arrangement or a debt re-arrangement by the Magistrate's Court.

Die skuldhersieningsprosedure neem 'n aanvang sodra 'n verbruiker by 'n skuldberader aansoek doen om oorverskuldig verklaar te word.<sup>20</sup> Nadat die verbruiker by die skuldberader aansoek gedoen het, moet die skuldberader al die verbruiker se skuldeisers binne vyf dae in kennis van sodanige aansoek te stel.<sup>21</sup> Die skuldberader het 30 besigheidsdae om vas te stel of die verbruiker inderdaad oorverskuldig is.<sup>22</sup> Indien die skuldberader bevind dat die verbruiker wel oorverskuldig is, kan die skuldberader 'n voorstel aan die Landdroshof voorhou dat

---

<sup>15</sup> *Ibid.*

<sup>16</sup> Sien die aanhef tot die Wet. Sien ook *Standard Bank of SA Ltd v Panayiotts* 2009 3 SA (W) 363; *FirstRand Bank Ltd v Olivier* 2009 3 SA (SE) 353 237; JM Otto "Over-indebtedness and Applications for Debt Review in terms of the National Credit Act: Consumer Beware! FirstRand Bank Ltd v Olivier" (2009) 21 *SA Merc LJ* 272.

<sup>17</sup> A 86 moet saam met die Nasionale Krediet Regulasies, reg 24, gelees word.

<sup>18</sup> Sien a 3(g) en 3(i).

<sup>19</sup> 2011 4 SA 508 (SCA) 514. Sien ook *Ex parte Ford* 2009 3 SA 376 (WCC) 338.

<sup>20</sup> A 86(1) gelees saam met reg 24(1).

<sup>21</sup> A 86(4)(b) gelees saam met reg 24(2).

<sup>22</sup> A 86(6) gelees saam met reg 24(6).

die verbruiker se finansiële verpligtinge teenoor sy skuldeisers herstruktureer word.<sup>23</sup> As en wanneer die Landdshof sodanige bevel gemaak het, moet die verbruiker daaraan gehoorsaam wees. 'n Skuldeiser kan ter enige tyd, in die teenwoordigheid van sekere omstandighede, die skuldher siening termineer. Omstandighede wat 'n terminasie regverdig is waar die skuldenaar in versuim is en 60 besigheidsdae verloop het sedert die skuldenaar om skuldher siening aansoek gedoen het. In sodanige gevalle kan die skuldeiser voortgaan om die skuld af te dwing.<sup>24</sup>

Die skuldher sieningsprosedure stel geen monitêre beperking ten opsigte van die totale uitstaande skuld nie. Hierdie eienskap onderskei die skuldher sieningsprosedure van die administrasieprosedure deurdat meer verbruikers teoreties vir skuldher siening ingevolge die NKW as vir administrasiebevele sal kwalifiseer.

Die NKW is egter net op kredietooreenkomste van toepassing. Die volgende ooreenkomste sal as kredietooreenkomste kragtens die NKW kwalifiseer.<sup>25</sup>

- (a) 'n kredietfasiliteit;<sup>26</sup>
- (b) 'n krediettransaksie;<sup>27</sup>
- (c) 'n kredietwaarborg;<sup>28</sup> of
- (d) enige kombinasie van die bogenoemde.

---

<sup>23</sup> A 86(7)(c)(ii).

<sup>24</sup> A 86(10). 'n Kredietverskaffer kan egter nie meer die skuldher siening termineer indien die aansoek reeds na die hof verwys is nie. Sien in hierdie verband die National Credit Amendment Act 19 van 2014.

<sup>25</sup> A 8(1) saam gelees met a 1.

<sup>26</sup> Ingevolge a 8(3) is 'n kredietfasiliteit 'n ooreenkoms uit hoofde waarvan die kredietverskaffer goedere of dienste lewer, of 'n bedrag aan die verbruiker betaal, of namens of in opdrag van die verbruiker 'n bedrag betaal. Die verbruiker se verpligting om die prys te betaal, of die geld terug te betaal, is uitgestel of hy word periodiek gedebiteer. Die verbruiker betaal 'n heffing, geld of rente met betrekking tot die uitgestelde bedrag, of op 'n bedrag wat gedebiteer is en nie binne 'n ooreengekome tyd betaal is nie.

<sup>27</sup> Ingevolge a 8(4) kan 'n krediettransaksie enigeen van die volgende agt kategorieë transaksies behels: pandtransaksie, afslagtransaksie, gebeurlikheidskredietooreenkoms, afbetalingsooreenkoms, verbandooreenkoms, versekerde lening, huurkontrak of enige ander kredietooreenkoms.

<sup>28</sup> A 8(5) omskryf 'n kredietwaarborg as 'n ooreenkoms uit hoofde waarvan 'n persoon hom verbind om 'n verbruiker se verpligtinge voortspruitend uit 'n kredietfasiliteit of krediettransaksie wat onderhewig is aan die NKW na te kom wanneer dit verlang word.

Versekerde kredietooreenkomste word ook by die skuldheriensiening ingesluit, maar die Wet maak nie voorsiening vir enige voorkeure ten opsigte van die terugbetaling van sodanige versekerde kredietooreenkomste nie.<sup>29</sup> Die NKW is egter nie van toepassing op die volgende vorms van kredietooreenkomste nie:

- (a) Kredietooreenkomste uit hoofde waarvan die verbruiker 'n regspersoon is en sy batewaarde of jaarlikse omset, tesame met die van sy verwante regspersone, gelyk is aan R1 miljoen of dit oorskry;<sup>30</sup>
- (b) Groot kredietooreenkomste uit hoofde waarvan die verbruiker 'n regspersoon is met 'n batewaarde of jaarlikse omset benede R1 miljoen. 'n Groot ooreenkoms is of 'n verbandooreenkoms, of 'n krediettransaksie (behalwe 'n pandtransaksie of kredietwaarborg) uit hoofde waarvan die hoofskuld gelyk is aan R250 000 of dit oorskry;<sup>31</sup>
- (c) Kredietooreenkomste uit hoofde waarvan die verbruiker die Staat of 'n staatsorgaan is;<sup>32</sup>
- (d) Kredietooreenkomste uit hoofde waarvan die kredietgewer die Reserwebank is;<sup>33</sup>
- (e) Kredietooreenkomste uit hoofde waarvan die kredietgewer van buite Suid-Afrika is en die verbruiker het om vrystelling van die ooreenkoms aansoek gedoen;<sup>34</sup>
- (f) Versekeringspolisse;<sup>35</sup>
- (g) Huurkontrakte van onroerende goed;<sup>36</sup>
- (h) Transaksies tussen 'n stokvel<sup>37</sup> en sy lede;<sup>38</sup>

<sup>29</sup> M Roestoff & H Coetzee (2012) 67.

<sup>30</sup> A 4(1) gelees met GK 713 van 1 Junie 2006.

<sup>31</sup> A 4(1)(b) en 9(4) gelees met GK 713 van 1 Junie 2006.

<sup>32</sup> A 4(1)(a)(ii) en (iii).

<sup>33</sup> A 4(1)(c).

<sup>34</sup> A 4(1)(d).

<sup>35</sup> A 8(2)(a).

<sup>36</sup> A 8(2)(b).

<sup>37</sup> Die NKW definieer "stokvel" as "'n formele roterende finansiële skema met vermaaklikheids-, maatskaplike of ekonomiese werksaamhede, wat bestaan uit twee of meer persone in 'n vrywillige assosiasie, elkeen van wie wedersydse ondersteuning aan die ander beloof het ter bereiking van spesifieke doelwitte; 'n onafhanklike kapitaaldoel vestig deur fondse in te samel by wyse van die subskripsies van die lede; krediet verleen aan en namens lede; voorsiening maak vir lede om in winste uit die skema te deel en die bestuur van die skema te benoem; en op selfopgelegde regulering staatmaak om die belange van sy lede te beskerm.

<sup>38</sup> A 8(2)(c).

- (i) 'n Bedrag verskuldig aan 'n verkoper of verskaffer van goedere of dienste stel nie 'n kredietooreenkoms daar nie indien dit ontstaan het uit 'n tjeuk of soortgelyke instrument wat ter volle betaling aangebied is, maar gedishonoreer is. Dieselfde geld indien 'n vordering teen 'n kredietfasiliteit deur 'n derde party geweier word;<sup>39</sup>
- (j) Waar iemand goedere of dienste verskaf en betaling geskied by wyse van 'n vordering teen 'n kredietfasiliteit. In sodanige gevalle word geen kredietooreenkoms tussen die verkoper en die gebruiker van die fasiliteit gesluit nie.<sup>40</sup>

Kragtens artikel 86(2) sal 'n kredietooreenkoms ook spesifiek van die skuldherieningsproses uitgesluit word indien die skuldeisers reeds die stappe in artikel 130<sup>41</sup> gevolg het om daardie ooreenkoms af te dwing.

Indien die skuldherieningsprosedure bedoel was om as 'n alternatief tot sekwestrasie te dien, kan 'n mens nie help om op die tekortkominge in die prosedure te let nie. Die NKW is net van toepassing op kredietooreenkomste soos in artikel 8 gedefinieer.<sup>42</sup> Daarom sal sekere skulde ook van die skuldheriening uitgesluit word. Skulde wat van die skuldheriening uitgesluit sal word, sluit skulde in die vorm van deliktuele eise, klererekeninge, vergoeding vir professionele dienste en munisipale rekeninge waarop geen rente gehef word nie, in. Waar 'n skuldeiser reeds stappe geneem het om kredietooreenkomste af te dwing, sal daardie kredietooreenkoms ook uitgesluit word.<sup>43</sup> Verder beperk die NKW ook nie tydbeperk van die voorgestelde terugbetalingsplan nie en verleen ook geen kwystskelding van skuld

---

<sup>39</sup> A 4(5).

<sup>40</sup> A 4(6).

<sup>41</sup> Die NKW is deur die National Credit Amendment Act 19 of 2014 (hierna die "NCAA") gewysig. Die NCAA het op 13 Maart 2015 inwerking getree.

<sup>42</sup> *Ibid.* Sien ook H Coetzee & M Roestoff "Consumer Debt Relief in South Africa – Should the Insolvency System Provide for NINA Debtors? Lessons from New Zealand" (2013) *International Insolvency Review* (Vol 22) 198.

<sup>43</sup> A 86(2). In *Nedbank Ltd and Others v National Credit Regulator and Another* het die hof beslis dat die bepalinge van artikel 86(2) 'n verbruiker sal verhoed om 'n spesifieke kredietooreenkoms by die skuldherieningsprosedure in te sluit sodra 'n artikel 129-kennisgewing aan die verbruiker gelewer is. Roestoff en Coetzee is van mening dat die hof in die *Nedbank*-saak verkeerdelik tot hierdie gevolgtrekking gekom het. 'n Kredietgewer kan dus, volgens die *Nedbank*-saak, 'n verbruiker verhoed om 'n spesifieke kredietooreenkoms by die skuldherieningsprosedure in te sluit deur bloot 'n artikel 129-kennisgewing aan die verbruiker te stuur sodra die verbruiker 'n wanbetaling ten opsigte van daardie kredietooreenkoms gemaak het. Hierdie probleem is nou oënskynlik deur die NCAA opgeslos deurdat a 86(2) nou na a 130 verwys.



nie. 'n Verbruiker kan dus vir 'n baie lang tydperk, en in sommige gevalle teoreties selfs onbeperk, aan die terugbetalingsplan gebonde wees.<sup>44</sup>

Alhoewel die skuldherstruktureringsprosedure nie van die verbruiker vereis om voordeel vir skuldeisers te bewys ten einde vir die proses te kwalifiseer nie, sal die hof slegs skuldherstruktureringsplanne toestaan wat fisies uitvoerbaar is. Daarom kom skuldherstrukturerings, net soos administrasiebevele, op niks anders as 'n blote herstrukturerings van 'n verbruiker se finansiële verpligtinge, sonder om kwytstelling aan die verbruiker te verleen, neer nie.

### **3.4 Voordeel vir skuldeisers en die Nasionale Kredietwet**

Die NKW vereis nie van verbruikers om voordeel vir skuldeisers te bewys wanneer hulle vir skuldherstrukturerings aansoek doen nie, maar dit wil voorkom dat hulle steeds die voordeelvereiste in gedagte hou wanneer hulle aansoeke vir skuldherstrukturerings moet oorweeg. Dit is moontlik die geval, aangesien die doelstellings van die NKW onder andere op die volle vereffening van skulde fokus.<sup>45</sup>

In *Ex parte Ford*<sup>46</sup> het drie skuldenaars om vrywillige boedeloorgawe van hul boedels aansoek gedoen. Dit het egter geblyk dat 'n aansienlike gedeelte van hulle skulde uit kredietooreenkoms soos deur die NKW gedefinieer, bestaan. Die hof het beslis dat hy sy bevoegdheid ingevolge die bepalinge van artikel 85 kan gebruik om die skuldenaars oorskuldig te laat verklaar en sodoende hul oorskuldigheid kan verlig.<sup>47</sup>

---

<sup>44</sup> Regulasie 27 bepaal dat die skuldberader 'n "clearance certificate" moet uitreik sodra die verbruiker ten volle al sy verpligtinge ten opsigte van elke kredietooreenkoms wat deel van die skuldherstruktureringsbevel vorm, nagekom het.

<sup>45</sup> Sien a 3(c)(i), a 3(g) en a 3(i).

<sup>46</sup> 2009 3 SA 376 (WCC).

<sup>47</sup> *Idem* 379-381.

Die hof het uitgelig dat ten spyte van die feit dat die NKW hoofsaaklik die bepalings van die Insolvensiewet insake vrywillige boedeloorgawe oor die algemeen onaangetas laat, insolvensie nogtans in 'n verskeidenheid van omstandighede kan ontstaan waarvan 'n groot aantal glad nie met skuldoortrokkenheid ingevolge die NKW verband hou nie. In gevalle waar die NKW wel toepassing kan vind, is die hof egter van mening dat die beleid en oogmerke van die NKW sowel as die remedies in ag moet neem word.<sup>48</sup> Die hof het beslis dat, as gevolg van die onvolledigheid van die feite in die betrokke aansoeke, die masjinerie van die NKW 'n meer gepaste opsie was om te volg eerder as om van vrywillige boedeloorgawe gebruik te maak. Die aansoeke om vrywillige boedeloorgawe is gevolglik van die hand gewys.<sup>49</sup>

Dit word aan die hand gedoen dat insolvensiehowe hul waarskynlik sal laat lei deur die bepalings van artikel 85 van die NKW binne die breër omvang van hul diskresie wanneer hulle 'n aansoek om sekwestrasie moet oorweeg.<sup>50</sup> Van Heerden en Boraine<sup>51</sup> argumenteer dat:

It is short-sighted to take the hard and fast view that full satisfaction of debts, as envisaged by debt restructuring in terms of section 86(7)(c), will always be the preferable option in terms of advantage to creditors.

Die voordeel vir skuldeisers sal afhang van die feite en omstandighede van elke saak. In sekere omstandighede sal skuldeisers meer voordeel uit die insolvensieprosedure verkry, aangesien dit 'n vinngere terugbetaling van hulle eise verseker. In teenstelling hiermee, sal skuldeisers, in die geval van die skuldherieningsprosedure, nie 'n vinnige terugbetaling van hulle eise verkry nie, omdat 'n skuldenaar wat ingevolge 'n skuldherstruktureringsbevel betaal, vir 'n aansienlike lang periode daaraan gebonde kan wees. In ander omstandighede sal die skuldherieningsprosedure egter meer voordele vir die skuldeisers inhou. Wat egter duidelik is, is dat die voordeelvereiste ook indirek in die skuldherieningsprosedure toepassing vind.

---

<sup>48</sup> *Idem* 382.

<sup>49</sup> *Idem* 383-384.

<sup>50</sup> C Van Heerden & A Boraine "The interaction between debt relief measures in the National Credit Act 34 of 2005 and aspects of Insolvency Law" (2009) 3 *Potchefstroom Electronic LJ* 51.

<sup>51</sup> *Ibid.*

### 3.5 Akkoord

'n Skuldenaar kan ook, na sekwestrasie, 'n gemeenregtelike akkoord of 'n akkoord ingevolge die Insolvensiewet met sy skuldeisers bereik.<sup>52</sup> Artikel 119 maak daarvoor voorsiening dat 'n insolvente skuldenaar te enige tyd na die eerste vergadering van skuldeisers 'n akkoordaanbod via sy kurator aan sy skuldeisers kan maak. Indien die aanbod deur minstens driekwart in waarde en getal van alle bewese skuldeisers aanvaar word, sal die minderheidskuldeisers ook daaraan gebonde wees. Indien die akkoord voorsiening maak vir die betaling van minstens 50 sent in die rand van elke eis, kan die skuldenaar dadelik aansoek om rehabilitasie doen<sup>53</sup> en sodoende kwytskelding van sy skulde bekom.

Die insolvent is geregtig op 'n sertifikaat van die Meester dat die aanbod aangeneem is, mits betaling gedoen is of sekuriteit gestel is soos die akkoord bepaal, een skuldeiser nie bo 'n ander bevoordeel is nie, die akkoord nie afhanklik is van die voorwaarde dat die insolvent eers gerehabiliteer word nie en die aard van die sekuriteit (indien enige) ten volle omskryf is.<sup>54</sup> Die aanname van die akkoord het tot gevolg dat die regte en verpligtinge van die insolvent en sy skuldeisers uitsluitlik deur die akkoord gereël word.<sup>55</sup> Na rehabilitasie van die insolvent bly die akkoord ook van krag. Die akkoord kan daarvoor voorsiening maak dat die insolvent sy hele of 'n gedeelte van sy boedel terugkry.<sup>56</sup>

By die oorweging van 'n akkoordaanbod, moet die beste belang van die skuldeisers as 'n groep in ag geneem word. Wanneer 'n aanbod op grond van ander oorwegings aanvaar word, byvoorbeeld wanneer daar 'n geheime ooreenkoms tussen die insolvent en die skuldeisers bestaan, sal nietig wees. So ook is 'n ooreenkoms om 'n skuldeiser vir steun vir die aanbod te vergoed, nietig. 'n Skuldeiser wat sodoende 'n voordeel ontvang kan vir die bedrag van sy vordering, die waarde van die voordeel

---

<sup>52</sup> A 119-125.

<sup>53</sup> A 124(1).

<sup>54</sup> A 119(7).

<sup>55</sup> Sien *Blou v Lampert and Chipkin NNO* 1970 2 SA 185 (T) en *Illic v Parginos* 1985 1 SA 795 (A).

<sup>56</sup> A 121.

asook sy deel ingevolge die akkoord, aanspreeklik gehou word. 'n Skuldeiser wat aan sodanige gedrag skuldig is, is skuldig aan 'n misdryf.<sup>57</sup>

Die probleem met die akkoord is egter dat hierdie remedie slegs vir die skuldenaar beskikbaar is nadat sekwestrasie plaasgevind het.<sup>58</sup> 'n Akkoord is dus nie 'n geskikte alternatiewe skuldverligtingsmaatreël nie, aangesien dit slegs tot die beskikking van 'n insolvent wat voordeel vir skuldeisers bewys het, is. 'n Akkoord is net nuttig as die insolvent op 'n vroeër stadium om rehabilitasie aansoek wil doen, maar bied nie 'n alternatief vir skuldenaars wat nie voordeel vir skuldeisers kan bewys en sodoende 'n kwytskelding van skulde kan bekom het nie.

### 3.6 Gevolgtrekking

Daar bestaan 'n aantal alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls in die Suid-Afrikaanse reg. 'n Skuldenaar wat nie voordeel vir skuldeisers kan bewys nie en nie vir die sekwestrasieprosedure kwalifiseer nie, kan teoreties een van die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls oorweeg. Dit wil egter blyk dat in van hierdie alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls voordeel vir skuldeisers steeds indirek as 'n vereiste gestel word.<sup>59</sup>

Administrasie blyk op die oog af 'n geskikte alternatiewe skuldverligtingsmaatreël te wees, maar met nadere ondersoek is dit duidelik nie die geval nie.<sup>60</sup> 'n Skuldenaar kan slegs om 'n administrasiebevel aansoek doen indien die totale bedrag van sy skulde wat verskuldig en opeisbaar is, by die administrasiebevel ingesluit word. Daar is ook geen maksimum tydperk aan die administrasiebevel gekoppel nie en dit maak ook nie voorsiening vir enige kwytskelding van skuld nie. Dus kan 'n skuldenaar wat wel vir die administrasieprosedure kwalifiseer, vir 'n onbepaalde tyd daaraan

---

<sup>57</sup> A 130, 131 en 141.

<sup>58</sup> A Boraïne & M Roestoff (1993) 232.

<sup>59</sup> Sien par 3.4.

<sup>60</sup> Par 3.2.

gebonde bly, veral as die skuldenaar nie 'n behoorlike inkomste verdien nie.<sup>61</sup> 'n Skuldenaar wat geen inkomste verdien nie en ook nie oor enige bates beskik nie, sal nie vir die administrasieprosedure kwalifiseer nie, aangesien daar niks sal wees om tussen die skuldeisers te verdeel nie.<sup>62</sup> Skuldenaars wat vir 'n administrasiebevel kwalifiseer, maar nie vir sekwestrasie nie, word benadeel omdat daar geen kwytskelding van skulde aan hulle verleen word nie.

Die NKW se hoof skuldverligtingsmaatreël, naamlik skuldhersiening, is ook nie alle omstandighede 'n geskikte alternatiewe skuldverligtingsmaatreël nie. Skuldhersiening is net op kredietooreenkomste soos deur die NKW gedefinieer, van toepassing.<sup>63</sup> Dus, as 'n verbruiker se skulde nie as 'n kredietooreenkoms ingevolge die NKW kwalifiseer nie, sal die verbruiker nie van skuldhersiening gebruik kan maak nie. Die NKW maak ook nie voorsiening vir 'n maksimum tydperk waarbinne die skuld ingevolge die skuldhersieningsplan terug betaal word en verleen ook geen kwytskelding van skuld nie.<sup>64</sup> 'n Verbruiker kan dus, net soos in die geval van administrasie, 'n baie lang tydperk aan die bevel gebonde wees.

Verder kan daar ook van die howe se houding afgelei word dat hulle nog baie pro-skuldeiser georiënteerd is, wat dit vir 'n skuldenaar moeilik maak om skuldverligting te verkry.<sup>65</sup> In *Ex parte Ford* het die hof hom deur die bepalings van artikel 85 laat lei om aansoeke om vrywillige boedeloorgawe van die hand te wys.<sup>66</sup> Voordeel vir skuldeisers sal van die feite en omstandighede van elke saak afhang. In sekere omstandighede sal skuldeisers 'n beter voordeel deur die insolvensieprosedure ontvang en in ander omstandighede sal die skuldeisers meer by die skuldhersieningsprosedure baat.<sup>67</sup> Wat wel duidelik is, is dat die voordeelvereiste ook by skuldhersiening toepassing vind, al is dit op 'n indirekte wyse.

---

<sup>61</sup> *Ibid.*

<sup>62</sup> *Ibid.*

<sup>63</sup> Sien par 3.3.

<sup>64</sup> *Ibid.*

<sup>65</sup> Sien par 3.4.

<sup>66</sup> *Ibid.*

<sup>67</sup> *Ibid.*

Nie een van die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls verleen aan die skuldenaar kwytskelding van sy skulde nie. 'n Skuldenaar kan wel deur middel van 'n akkoord kwytskelding verkry.<sup>68</sup> Die probleem is egter dat die skuldenaar slegs 'n akkoordooreenkoms met sy skuldeisers kan aangaan nadat hy voordeel vir skuldeisers bewys het en sodoende vir die sekwestrasieprosedure gekwalifiseer het. In Suid-Afrika tans, is sekwestrasie die enigste skuldverligtingsmaatreël wat tot skuldenaars se beskikking is om kwytskelding van skulde te kan ontvang. Dit is egter net moontlik indien voordeel vir skuldeisers bewys kan word.

---

<sup>68</sup> Sien par 3.5.

## HOOFSTUK 4

### DIE REG OP GELYKHEID KRAGTENS ARTIKEL 9 VAN DIE GRONDWET

---

#### 4.1 Inleiding

'n Skuldenaar wat aanhoudend deur sy skuldeisers vir betaling gedruk word kan kragtens die Insolvensiewet<sup>1</sup> vrywillig aansoek doen dat sy boedel gesekwestreer word. Artikel 6 vereis egter dat daar 'n positiewe bewys van voordeel vir skuldeisers moet wees. As daar geen voordeel vir skuldeisers is nie, sal die hof die aansoek van die hand wys.<sup>2</sup>

'n Skuldenaar wie se boedel wel gesekwestreer is sal, nadat daar aan sekere vereistes voldoen is, kwytskelding van alle skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het, ontvang. Die hoofdoel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet is egter nie om skuldverligting aan 'n skuldenaar te bied nie. In *Walker v Syfret*<sup>3</sup> het die hof beslis dat die hoofdoel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet eerder is om 'n billike verdeling van 'n skuldenaar se bates te verseker in omstandighede waar die skuldenaar se bates nie voldoende is om die skuldeisers se eise te bevredig nie. Dit is egter een van die gevolge van sekwestrasie dat die skuldenaar by rehabilitasie, by wyse van 'n hofaansoek of outomaties deur tydsverloop, kwytskelding van al sy voorsekwestrasieskulde sal ontvang.<sup>4</sup>

Alhoewel sekwestrasie uiteindelik skuldverligting aan die skuldenaar bied, word baie insolvente skuldenaars van die sekwestrasieproses uitgesluit weens, die streng bewyslas ten opsigte van die voordeelvereiste en die hoë koste van die

---

<sup>1</sup> 24 van 1936.

<sup>2</sup> Sien hoofstuk 2.

<sup>3</sup> 1911 AD 141 166. Sien ook Bertelsman ea *Mars: The Law of Insolvency in South Africa* (2008) 3 (hierna *Mars*).

<sup>4</sup> A 129(b). Sien ook *Mars* 3.

sekwestrasieaansoek. Die enigste statutêre alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls, tot 'n skuldenaar se beskikking ingevolge, die Suid-Afrikaanse reg is administrasiebevele<sup>5</sup> en die skuldher sieningsprosedure.<sup>6</sup> 'n Skuldenaar se toegang tot hierdie alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls is egter beperk. Die onderliggende redes hiervoor is dat 'n skuldenaar slegs 'n aansoek om 'n administrasiebevel kan bring as sy betaalbare en opeisbare skulde nie die bedrag van R50 000 oorskry nie.<sup>7</sup> 'n Skuldenaar kan ook slegs kragtens artikel 86 van die NKW aansoek doen vir 'n skuldherstruktureringsbevel indien sy skulde as kredietooreenkomste kragtens die NKW kwalifiseer. Verder bied nie die administrasiebevel of die skuldher sieningsprosedure 'n kwytskelding tot skuld aan die skuldenaar nie. Ook maak nie een van die prosedures voorsiening vir 'n maksimum termyn waarbinne die skuld terugbetaal moet word nie. Sodoende kan sommige skuldenaars vir die res van hul lewe aan sulke bevele gebonde wees. Die feit dat baie skuldenaars weens die voordeelvereiste uitgesluit word en die feit dat daar nie voldoende alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls tot skuldenaars se beskikking is nie, baan dalk die weg vir hierdie skuldenaars om hul posisie grondwetlik te toets.

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n oorsig oor die reg op gelykheid te bied. 'n Verdere doel is om die moontlikheid of artikel 6 van die Insolvensiewet inbreuk op die reg op gelykheid maak te ondersoek. In paragraaf 2 word daar 'n kort oorsig oor die Suid-Afrikaanse Grondwet<sup>8</sup> gegee. Verder word artikel 9 sowel as die Konstitusionele Hof se interpretasie van artikel 9 bespreek. Dan word die voordeelvereiste teen artikel 9 getoets ten einde om vas te stel of daar 'n inbreuk op die reg op gelykheid gemaak word. In paragraaf 3 word daar tot 'n gevolgtrekking gekom.

---

<sup>5</sup> Kragtens a 74 van die Wet op Landdroshowe 32 van 1944.

<sup>6</sup> Sien a 86 van die Nasionale Kredietwet 34 van 2005 (hierna die "NKW").

<sup>7</sup> GK R3441 in SK 14498 van 31 Desember 1992.

<sup>8</sup> Republiek van Suid-Afrika, 1996.



## 4.2 Die Suid-Afrikaanse Grondwet

Die Grondwet is die hoogste reg in Suid-Afrika en enige wet of handeling wat daarmee in stryd is, is ongeldig.<sup>9</sup> Gelykheid is een van die hoekstene van die Suid-Afrikaanse reg en artikel 1(a) van die Grondwet bepaal die volgende:

1. Die Republiek van Suid-Afrika is een soewereine staat gegrond op die volgende waardes:
  - (a) Menswaardigheid, die bereiking van gelykheid en die uitbou van menseregte en vryhede.

### 4.2.1 Die reg op gelykheid

Artikel 9 van die Grondwet bepaal die volgende:

- (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.
- (2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë van persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.
- (3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras, geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdiens, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.
- (4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of belet.
- (5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

Subartikel (3) hierbo maak melding van onbillike diskriminasie. As daar na artikel 9 in die geheel gekyk word, is dit egter duidelik dat dit vir drie kategorieë voorsiening maak:<sup>10</sup>

---

<sup>9</sup> Sien a 2 van die Grondwet.

<sup>10</sup> *Harksen v Lane NO 1998 1 SA 300 (CC)* par 46.

- (a) 'n Onderskeid wat nie op diskriminasie neerkom nie;
- (b) 'n onderskeid wat op billike diskriminasie neerkom; en
- (c) 'n onderskeid wat op onbillike diskriminasie neerkom.

Die Konstitusionele Hof het die onderskeid in (a) as blote differensiasie beskryf. Vir differensiasie om grondwetlik geag te word, moet dit rasideel wees.<sup>11</sup> Daar kan ook vanuit artikel 9 afgelei word dat diskriminasie onbillik en billik kan wees. Artikel 9(3) en 9(4) bepaal dat geen onbillike diskriminasie geduld sal word nie. Dit impliseer dat sekere vorms van diskriminasie wel as billik beskou sal word.<sup>12</sup>

Menseregte, wat die reg op gelykheid insluit, geld nie absoluut nie.<sup>13</sup> Die Grondwet bevat 'n algemene beperkingsklousule, artikel 36, wat op alle regte van toepassing is en word as die mees algemene vorm van beperking van regte beskou.<sup>14</sup> Alle regte kan volgens 36 beperk word, maar dit moet aan die volgende vereistes voldoen:<sup>15</sup>

- (a) 'n Reg kan slegs beperk word indien dit in die vorm van 'n algemene geldende reg is; en
- (b) die beperking moet redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gegrond op menswaardigheid, gelykheid en vryheid wees.

Hierdie vereistes beteken dat daar 'n proporsionaliteitstoets toegepas moet word om te bepaal of die beperking redelik en regverdigbaar is. Die volgende vyf faktore moet dan in ag geneem word:<sup>16</sup>

- (a) Die aard van die reg;
- (b) die belangrikheid van en die doel van die beperking;

---

<sup>11</sup> *Prinsloo v Van der Linde* 1997 3 SA 1012 (CC) par 25.

<sup>12</sup> D Kleyn & F Viljoen *Beginner's Guide for Law Students* (2010) 238; R Joubert & S Prinsloo *The Law of Education in South Africa* (2011) 42.

<sup>13</sup> D Kleyn & F Viljoen 237.

<sup>14</sup> R Joubert & S Prinsloo 42.

<sup>15</sup> A 36(1).

<sup>16</sup> *Ibid.*

- (c) die aard en omvang van die beperking;
- (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
- (e) of daar 'n minder beperkende wyse bestaan om hierdie doel te bereik.

Om vas te stel of daar diskriminasie is en of die diskriminasie as billik of onbillik beskou kan word, is duidelik nie eenvoudig nie. In *Harksen v Lane*<sup>17</sup> het die Konstitusionele Hof drie stappe neergelê wat help om te bepaal of daar op artikel 9 inbreuk gemaak word. Hierdie drie stappe kan as volg uiteengesit word:<sup>18</sup>

- (a) Differensieer die uitgedaagde wet of gedrag tussen mense of kategorieë van mense? Indien wel, is dit verbind met 'n rasonale regeringsdoel? Indien nie, is daar inbreukmaking op artikel 9(1).
- (b) Om te bepaal of die differensiasie op onbillike diskriminasie neerkom moet die volgende twee vrae beantwoord word:
  - (i) Eerstens, kom die differensiasie op diskriminasie neer? As die differensiasie op een van die gelyste gronde plaasvind, dan is dit diskriminasie. As die differensiasie nie op een van die gelyste gronde neerkom nie, moet daar objektief gekyk word of die grond waarop die differensiasie gebaseer is die potensiaal het om die persoon se menswaardigheid aan te tas.
  - (ii) En tweedens as die differensiasie op diskriminasie neerkom moet daar gekyk word of dit onbillike diskriminasie is. As daar op een van die gelyste gronde gediskrimineer word, kan daar aanvaar word dat dit onbillike diskriminasie is. As die diskriminasie op 'n ongelyste grond is, sal die klaer moet aantoon dat dit onbillik is. Die toets of dit onbillike diskriminasie is fokus hoofsaaklik op die impak van die diskriminasie op die klaer en die impak wat die diskriminasie op persone in dieselfde omstandighede as die klaer het. As daar vasgestel is dat die diskriminasie nie onbillik is nie, dan bestaan daar geen inbreukmaking op artikels 9(3) en (4) nie.

---

<sup>17</sup> *Harksen v Lane* Par 53.

<sup>18</sup> Eie vertaling.

- (c) As daar bevind word dat die diskriminasie onbillik is dan moet daar vasgestel word of dit kragtens artikel 36 regverdigbaar is.

Wanneer 'n mens dus ondersoek of 'n bepaalde wet of gedrag op artikel 9 inbreuk maak, moet daar vasgestel word of die bepaalde wet of gedrag tussen mense of kategorieë van mense differensieer. As daar geen differensiasie is nie, is daar ook geen inbreukmaking op artikel 9 nie.<sup>19</sup>

Alle differensiasie kan nie as onbillik gesien word nie en die reg op gelykheid verhoed ook nie die staat om mense te klassifiseer of om sekere mense of groepe mense anders te behandel nie. Die beginsel van gelykheid vereis wel dat mense wat in dieselfde posisie is, dieselfde behandel moet word.<sup>20</sup> Die gelykheidsklousule onderskei tussen twee gevalle waar 'n wet of handeling tussen persone sal differensieer, naamlik differensiasie wat nie enige diskriminasie insluit nie en differensiasie wat wel as diskriminasie beskou kan word en wat nie ingevolge die Grondwet toelaatbaar is nie.<sup>21</sup> Om te bepaal of differensiasie onbillike diskriminasie is, moet daar twee vrae beantwoord word:

- (a) Is die differensiasie diskriminasie; en  
(b) indien die differensiasie diskriminasie is, is dit onbillike diskriminasie?

Om (a) hierbo te beantwoord moet daar gekyk word of die differensiasie op 'n gelyste grond in artikel 9(3) plaasvind. Indien die differensiasie op 'n gelyste grond is, sal dit diskriminasie wees. Die lys in artikel 9(3) is egter nie 'n geslote lys nie.<sup>22</sup> As die differensiasie nie op een van die gelyste gronde neerkom nie, moet daar dan objektief gekyk word of die grond waarop die differensiasie gebasseer is, die potensiaal het om

---

<sup>19</sup> Currie & De Waal *The Bill of Rights Handbook* (2005) 236.

<sup>20</sup> Currie & De Waal 239.

<sup>21</sup> R Joubert & S Prinsloo 46.

<sup>22</sup> Die woorde "met inbegrip van" impliseer dat hierdie nie 'n geslote lys is nie.

die persoon se menswaardigheid aan te tas. Dit beteken egter nie dat die differensiasie noodwendig dan onbillike diskriminasie is nie, aangesien dit steeds teen die bepalings van artikel 36 getoets moet word.

#### **4.2.2 Die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie**

Die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie<sup>23</sup> het op 16 Junie 2003 inwerking getree. Die Gelykheidswet is deurgevoer ten einde die bereiking van die grondwetlike reg op gelykheid te verseker. Ingevolge artikel 2(a) en artikel 2(b)(iv) sluit die oogemerke van die Gelykheidswet die volgende in:

- 2(a) om wetgewing wat deur artikel 9 van die Grondwet vereis word, te verorden;
- (b) om gevolg te gee aan die letter en gees van die Grondwet, veral –
  - (iv) die voorkoming van onbillike diskriminasie en beskerming van menswaardigheid soos beoog in artikels 9 en 10 van die Grondwet.

#### **4.2.3 Toepassing van die reg op gelykheid op die voordeelvereiste**

Die hoofdoel van die Insolvensiewet is om voorsiening te maak vir 'n kollektiewe skuldinvorderingsmetode wat die behoorlike en regverdigte verdeling van 'n skuldenaar se bates verseker in omstandighede waar die bates nie voldoende sal wees om al die skuldeisers se eise te bevredig nie.<sup>24</sup> Oor die algemeen word aanvaar dat 'n *concursum creditorium* tot stand kom wanneer 'n sekwestrasiebevel gemaak word.<sup>25</sup> Dit is dus duidelik dat die Insolvensiewet tot die voordeel van skuldeisers inwerking getree het. Die Insolvensiewet is nie daar om deur skuldenaars, wat in finansiële moeilikheid verkeer, gebruik te word ten einde om skuldeverligting te verkry nie. Die hoë bewyslas wat skuldenaars het om voordeel vir skuldeisers by vrywillige boedeloorgawe te bewys,

---

<sup>23</sup> 4 van 2000 (hierna "Gelykheidswet").

<sup>24</sup> Supra n 2.

<sup>25</sup> CF Swart *Die Rol van 'n Concursum Creditorium in die Suid-Afrikaanse Insolvensiereg* (LLD proefskrif 1990 UP). Sien ook *Mars 2*.

veroorzaak dat baie skuldenaars by die sekwestrasieproses uitgesluit word en verhoed dan ook hierdie skuldenaars om enige vorm van kwytskelding te verkry.

Die eerste vraag wat beantwoord moet word is of die uitgedaagde wet of gedrag tussen mense of kategorieë van mense differensieer. Na my mening differensieer die Insolvensiewet tussen twee groepe of kategorieë skuldenaars – “ryk” skuldenaars wat voordeel vir skuldeisers kan bewys aangesien hul oor voldoende bates beskik om die koste van sekwestrasie te delg asook ‘n nie-negeerbare dividend aan skuldeisers kan bied en “arm” skuldenaars wat nie oor voldoende bates beskik om die koste van sekwestrasie te delg of voordeel vir skuldeisers kan bewys nie.<sup>26</sup>

Die volgende stap is om vas te stel of hierdie differensiasie op diskriminasie neerkom. Indien differensiasie op ‘n gelyste grond in artikel 9(3) plaasvind, kan daar aanvaar word dat dit op diskriminasie neerkom. As dit nie op ‘n gelyste grond in artikel 9(3) neerkom nie, moet daar objektief gekyk word of die grond waarop die differensiasie gebasseer is die potensiaal het om ‘n persoon se menswaardigheid aan te tas. Dit is nie seker op watter grond die Insolvensiewet tussen groepe skuldenaars differensieer nie. Myns insiens differensieer die Insolvensiewet tussen persone op grond van hul sosio-ekonomiese status. Die Gelykheidswet definieer “sosio-ekonomiese status” as volg:

sosio-ekonomiese status” sluit in ‘n sosiale of ekonomiese toestand, of beskouing as synde van so ‘n toestand, van ‘n persoon wat benadeel is deur armoede, lae indiensneming of ‘n gebrek aan of lae vlak van opvoedkundige kwalifikasies

Hierdie Wet is juis deurgevoer ten einde die bereiking van die konstitusionele reg op gelykheid te verseker. Alhoewel sosio-ekonomiese status nie ‘n gelyste grond in artikel

---

<sup>26</sup> RG Evans (2002) 34. Sien ook in die algemeen M Roestoff en H Coetzee “Consumer Debt Relief in South Africa; Lessons from America and England; and Suggestions for the Way Forward” (2012) 24 SA *Mec LJ* 53 55-59.

9(3) is nie, is dit duidelik dat dit wel vir die wetgewer belangrik is.<sup>27</sup> Daar moet dus vasgestel word of die differensiasie, op grond van sosio-ekonomiese status, die potensiaal het om 'n persoon se menswaardigheid aan te tas. In die huidige samelewing is 'n persoon se status myns insiens hoofsaaklik aan sy finansiële status gekoppel. 'n Persoon wat nie in staat is om sy skulde terug te betaal nie en aanhoudend deur sy skuldeisers vir betaling gedruk word se menswaardigheid word hoogs waarskynlik aangetas. Nie net is hy reeds in 'n benarde finansiële posisie wat reeds op sy menswaardigheid impakteer nie, maar hy word ook nie soos “ryker” insolvenste behandel deurdat hy 'n kwytskelding van skuld en sodoende 'n nuwe ekonomiese begin gegun word nie. Sodoende word die sosio-ekonomiese probleem wat hy reeds ondervind vererger en sodanige probleem het 'n impak op 'n persoon se menswaardigheid. Na my mening diskrimineer die Insolvensiewet tussen die groep skuldenaars wat eerlik en ongelukkig was (“honest but unfortunate debtors”).

Vervolgens moet daar vasgestel word of hierdie diskriminasie as onbillike diskriminasie kwalifiseer. Om vas te stel of diskriminasie billik is, word 'n algemene oorsig van die kumulatiewe effek van faktore, naamlik of die menswaardigheid van die persoon aangetas word, die impak wat die diskriminasie op die klaer het, die impak wat dit op die groep mense in die klaer se posisie het, die aard van die belange wat deur die diskriminasie geaffekteer word en die doel van die diskriminasie, vereis.<sup>28</sup> Daar is 'n groot nadelige impak op van die skuldenaars wat van die sekwestrasieproses gediskwalifiseer word, wat ook vererger kan word in gevalle waar hul ook nie vir alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls kwalifiseer nie. Soos hierbo verduidelik, is dit vir 'n finansiële vernedering indien hy nie in staat is om sy skulde te vereffen nie en daarom is daar moontlik 'n inbreukmaking op so 'n persoon se menswaardigheid. 'n Groot aantal skuldenaars word weens die bewoording van artikel 6(1) van die sekwestrasieproses uitgesluit en kwalifiseer ook nie altyd vir alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls nie. Waar 'n skuldenaar wel vir een van die alternatiewe

---

<sup>27</sup> Die lys in a 9(3) is nie 'n geslote lys nie en die Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie het ten doel om vorige en huidige vorms van diskriminasie aan te spreek.

<sup>28</sup> *President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (CC) par 43-51.

skuldverligtingsmaatreëls kwalifiseer, verkry hy geen kwytskelding van skuld nie. Administrasie en skuldher siening het ook geen maksimum voorgeskrewe tydperk nie en 'n skuldenaar wat nie oor voldoende inkomste beskik nie, kan, teoreties, vir die res van sy lewe aan so 'n bevel gebonde wees. Daarom kan die bepalings in artikel 6, wat 'n positiewe bewys ten opsigte van die voordeelvereiste vereis, myns insiens as onbillike diskriminasie gesien word. Daar is egter geen regspraak in hierdie verband nie en daar word gevolglik op die Konstitusionele hof se interpretasie van artikel 6 gewag ten einde sekerheid oor die voordeelvereiste se grondwetlike status te verkry.

Indien die Insolvensiewet wel onbillik teen sekere skuldenaars diskrimineer moet daar ook vasgestel word of hierdie beperking op die reg op gelykheid moontlik redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing is. Onbillike diskriminasie kan dus steeds kragtens artikel 36 geregverdig word. Indien die beperking redelik en regverdigbaar is, sal die diskriminasie in die Insolvensiewet nie as onbillike diskriminasie gesien word nie.

Alle regte kan kragtens artikel 36 beperk word, mits dit die vorm van 'n algemene geldende reg aanneem en die beperking redelik en regverdigbaar in 'n oop en demokratiese samelewing gebaseerd op menswaardigheid, gelykheid en vryheid is. Die voordeelvereiste is duidelik 'n algemene geldende reg. Om te bepaal of 'n beperking op die reg op gelykheid redelik en regverdigbaar is, moet die volgende vyf faktore in ag geneem word:

- (a) die aard van die reg;
- (b) die belangrikheid en die doel van die beperking;
- (c) die aard en omvang van die beperking;
- (d) die verband tussen die beperking en die doel daarvan; en
- (e) of daar 'n minder beperkende wyse om hierdie doel te bereik, bestaan.



Wanneer die vyf faktore hierbo in ag geneem word, kan daar afgelei word dat hierdie beperking op die reg op gelykheid moontlik nie redelik en regverdigbaar is nie. Na my mening is die verskil in die bewyslas van die voordeelvereiste daar sodat die sekwestrasieprosedure nie deur skuldenaars misbruik kan word nie, juis omdat die Insolvensiewet tot voordeel van skuldeisers inwerking getree het. Roestoff en Coetzee is van mening dat die sekwestrasieproses 'n duur prosedure is om te volg en daarom moet dit slegs gevolg word indien dit koste-effektief sou wees, met ander woorde, die vrye oorskot moet voldoende wees om die koste van die sekwestrasie te delg en die skuldeisers moet 'n nie-negeerbare dividend kan ontvang.<sup>29</sup> In hierdie opsig vervul die voordeelvereiste 'n belangrike funksie.<sup>30</sup> Dit is dus belangrik om die huidige Insolvensiewet te hê, maar dan moet daar 'n effektiewe skuldverligtingsmaatreël tot skuldenaars se beskikking wees. Sodanige maatreël moet 'n goedkoop alternatief tot sekwestrasie aan eerlike skuldenaars wat nie aan die voordeelvereiste kan voldoen nie, bied. Die proses moet, soos in die geval van die sekwestrasieprosedure, uiteindelik kwytskelding van skuld aan sodanige skuldenaars verskaf. Hoewel die NKW klaarblyklik poog om 'n alternatiewe skuldverligtingsmaatreël aan skuldenaars te bied, is die prosedure nie effektief om skuldverligting aan die skuldenaars te bied nie, aangesien dit nie vir 'n kwytskelding van skuld voorsiening maak nie. Die Regskommissie se voorgestelde voorlikwidasië-komposisie kan moontlik aan hierdie leemte voldoen.<sup>31</sup>

### 4.3 Gevolgtrekking

Die Grondwet is die hoogste gesag in die Suid-Afrikaanse reg en enige wet of handeling wat daarmee in stryd is, is ongeldig.<sup>32</sup> Gelykheid is een van die hoekstene van die Grondwet en die reg op gelykheid word in artikel 9 gewaarborg.<sup>33</sup> Sekwestrasie ingevolge die Insolvensiewet kan aan 'n skuldenaar 'n kwytskelding van skulde gee.<sup>34</sup>

---

<sup>29</sup> M Roestoff & H Coetzee "Consumer Debt Relief in South Africa; Lessons from America and England; and Suggestions for the Way Forward" (2012) 24 *SA Merc LJ* 53 59.

<sup>30</sup> *Ibid.*

<sup>31</sup> Sien par 2.7.

<sup>32</sup> Sien par 4.2.

<sup>33</sup> Par 4.2 en par 4.2.1.

<sup>34</sup> Par 4.1.

Artikel 6 van die Insolvensiewet vereis egter 'n positiewe bewys van voordeel vir skuldeisers in aansoeke om vrywillige boedeloorgawe.<sup>35</sup>

Sekwestrasie, in vergelyking met die alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls, is die enigste skuldverligtingsmaatreël wat kwytskelding van skulde aan 'n skuldenaar bied. Die swaar bewyslas wat skuldenaars het om voordeel vir skuldeisers te bewys, veroorsaak egter dat menigte skuldenaars van die prosedure en so ook die uiteindelijke kwytskelding van skulde uitgesluit word. Die vraag wat dus gevra kan word is of die Insolvensiewet onbillik, op grond van die voordeelvereiste, teen skuldenaars diskrimineer.<sup>36</sup>

As gevolg van die bewoording in artikel 6 van die Insolvensiewet, differensieer die Insolvensiewet tussen twee groepe skuldenaars, naamlik “arm” skuldenaars wat nie oor voldoende bates beskik om voordeel vir skuldeisers te bewys nie en die koste van sekwestrasie te delg nie, en “ryk” skuldenaars wat wel voordeel vir skuldenaars kan bewys en die koste van sekwestrasie te delg.<sup>37</sup> Die doel van die Insolvensiewet is egter om die billike en regverdigte verdeling van 'n skuldenaar se bates te verseker in omstandighede waar die skuldenaar se bates nie voldoende sal wees om die skuldeisers se eise te bevredig nie.<sup>38</sup> Skuldverligting is dus nie die hoofdoel van die Insolvensiewet nie. Dit blyk dus dat die voordeelvereiste in lyn met die doelstelling van die Insolvensiewet is. Dit is gevolglik nie die moeite werd om die duur prosedure te volg indien daar nie voordeel vir skuldeisers sal wees nie.<sup>39</sup>

In *Harksen v Lane* het die Konstitusionele Hof die toets of daar inbreukmaking op artikel 9 is, in drie stappe verdeel. Eerstens moet daar vasgestel word of 'n bepaalde gedrag of

---

<sup>35</sup> *Ibid.*

<sup>36</sup> Sien par 4.1 en 4.2.3.

<sup>37</sup> Par 4.2.3.

<sup>38</sup> Par 4.1.

<sup>39</sup> Par 4.2.3.

wet tussen mense of kategorieë van mense differensieer en indien daar differensiasie is, of dit met 'n rasonale regeringsdoel verbind is.<sup>40</sup> As dit nie met 'n rasonale regeringsdoel verbind is nie, bestaan daar inbreukmaking op artikel 9(1) en hoef die toets nie verder toegepas te word nie.<sup>41</sup> Indien daar egter wel 'n rasonale regeringsdoel is, moet die res van die toets toegepas word.<sup>42</sup> As die differensiasie op 'n gelyste grond in artikel 9(3) gemaak word, kan daar aanvaar word dat dit diskriminasie is. Indien die differensiasie nie op 'n gelyste grond plaasvind nie, moet daar vasgestel word of dit die potensiaal het om 'n persoon se menswaardigheid aan te tas.<sup>43</sup>

Menseregte geld nie absoluut nie en kan in sekere omstandighede beperk word. Die mees algemene vorm van beperking van menseregte kan in artikel 36 van die Grondwet gevind word.<sup>44</sup> Dus, indien daar vasgestel word dat daar onbillike diskriminasie kragtens artikel 9 bestaan, kan die onbillike diskriminasie steeds billik kragtens artikel 36 beskou word.

Die lys van gronde in artikel 9(3) is nie 'n geslote lys nie.<sup>45</sup> Dit is egter onduidelik op watter grond die Insolvensiewet tussen skuldenaars differensieer. Die Wet op Voorkoming van Onbillike Diskriminasie en Bevordering van Gelykheid het in werking getree ten einde die grondwetlike reg op gelykheid te verseker.<sup>46</sup> Die Wet gee 'n omskrywing van sosio-ekonomiese status en hoewel dit nie 'n gelyste grond kragtens artikel 9(3) is nie, is dit duidelik dat sosio-ekonomiese status 'n belangrike grond daarstel.<sup>47</sup>

---

<sup>40</sup> Par 4.2.2.

<sup>41</sup> *Ibid.*

<sup>42</sup> *Ibid.*

<sup>43</sup> *Ibid.*

<sup>44</sup> Par 4.2.1.

<sup>45</sup> *Ibid.*

<sup>46</sup> Par 4.2.2.

<sup>47</sup> *Ibid.*

Na my mening maak die voordeelvereiste in die Insolvensiewet inbreuk op artikel 9 van die Grondwet. Hierdie beperking is ook nie redelik en regverdigbaar kragtens artikel 36 van die Grondwet nie. Sekwestrasie is die enigste skuldverligtingsmaatreël in die Suid-Afrikaanse reg wat aan 'n skuldenaar 'n kwytskelding van skulde bied. Hoewel daar alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls bestaan, kan dit nie as behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls beskou word nie. Die rede hiervoor is dat 'n skuldenaar slegs van die administrasiebevel ingevolge die Wet op Landdroshowe gebruik kan maak indien sy skulde nie die bedrag van R50 000 oorskry nie. 'n Skuldenaar sal ook slegs vir skuldher siening ingevolge die NKW kwalifiseer indien sy skuld as kredietooreenkomste kwalifiseer. Verder bied administrasie en skuldher siening geen kwytskelding van skulde aan die skuldenaar nie. Administrasie en skuldher siening het ook geen voorgeskrewe maksimum tydperk nie. 'n Skuldenaar kan dus, teoreties, vir die res van sy lewe aan so 'n bevel gebonde wees.<sup>48</sup> Indien daar behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreëls tot 'n skuldenaar se beskikking is, sal die beperkte toegang tot die sekwestrasieprosedure redelik en regverdigbaar kan wees.<sup>49</sup>

Myns insiens moet die voordeelvereiste in die Insolvensiewet behoue bly aangesien dit 'n duur prosedure is wat slegs gevolg behoort te word in omstandighede waar daar iets daaruit te verkry is. 'n Behoorlike alternatiewe prosedure, wat net soos die sekwestrasieproses uiteindelik tot die kwytskelding van skulde lei, moet egter tot die beskikking van eerlike skuldenaars wat nie voordeel vir skuldeisers kan bewys nie, gestel word. Die Insolvensiewet en die bewyslas ten opsigte van die voordeelvereiste is in die huidige stelsel ongrondwetlik. Daar word teen "arm" skuldenaars wat nie voordeel vir skuldeisers kan bewys nie, gediskrimineer. Hierdie posisie kan egter reggestel word deur 'n behoorlike alternatiewe skuldverligtingsprosedure wat kwytskelding van skuld aan hierdie "arm", maar eerlike skuldenaars bied.

---

<sup>48</sup> Sien par 4.1 en 4.2.3.

<sup>49</sup> Par 4.2.3.

## HOOFSTUK 5

### GEVOLGTREKKING

---

#### 5.1 Inleiding

Hierdie studie het die voordeel vir skuldeisersvereiste kragtens die bepaling van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet<sup>1</sup> in die algemeen sowel as in die lig van die Grondwet<sup>2</sup> ondersoek. Die sekwestrasieprosedure is uiteengesit waarna vasgestel is dat die Insolvensiewet moontlik tussen groepe skuldenaars diskrimineer by wyse van die voordeelvereiste. Sekwestrasie is tans die enigste vorm van skuldverligting in die Suid-Afrikaanse reg wat aan skuldenaars 'n kwytskelding van skuld bied. Slegs sekere skuldenaars is in die posisie om voordeel vir skuldeisers te bewys. Die alternatiewe statutêre skuldverligtingsmaatreëls is ook bespreek ten einde te toets of die skuldenaars wat van die sekwestrasieproses uitgesluit is, moontlik 'n oplossing daarin kan vind.

Dit is verskeie kere in hierdie studie beklemtoon dat die hoofdoel van die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet nie is om skuldverligting aan skuldenaars te bied nie. Die hoofdoel van die sekwestrasieproses is eerder om vir 'n kollektiewe skuldinvorderingsmetode, wat vir die billike en regverdige verdeling van 'n skuldenaar se bates in omstandighede waar die bates nie voldoende is om die skuldeisers se eise te bevredig nie, voorsiening te maak.<sup>3</sup>

#### 5.2 Opsomming van bevindings

Die Suid-Afrikaanse Insolvensiewet maak voorsiening vir twee wyses waarvolgens 'n skuldenaar se boedel gesekwestreer kan word: vrywillige boedeloorgawe en gedwonge sekwestrasie.<sup>4</sup> Die prosedure en vereistes van vrywillige boedeloorgawe

---

<sup>1</sup> 24 van 1936.

<sup>2</sup> Republiek van Suid-Afrika, 1996.

<sup>3</sup> Hfst 1 par 1.1 en hfst 2 par 2.4.

<sup>4</sup> Hfst 2 par 2.1.

en gedwonge sekwestrasie verskil wesenlik, maar die gevolge van die sekwestrasie sal in elk van die gevalle dieselfde wees.<sup>5</sup>

Artikels 4 en 6 van die Insolvensiewet is op vrywillige boedeloorgawe van toepassing en bepaal dat daar 'n positiewe bewys ten opsigte van die voordeel vir skuldeisersvereiste moet bestaan voordat die hof 'n sekwestrasiebevel kan maak.<sup>6</sup> Artikels 10 en 12 is op gedwonge sekwestrasie van toepassing. Die hof sal 'n finale sekwestrasiebevel toestaan indien die hof oortuig is dat daar rede bestaan om te glo dat die sekwestrasie tot die voordeel van die skuldeisers sal wees.<sup>7</sup> Die woorde “rede bestaan om te glo” impliseer dat skuldeisers by gedwonge sekwestrasie 'n ligter bewyslas ten opsigte van die voordeelvereiste het. Howe het egter oor die jare verskeie praktyke en beginsels ontwikkel om vas te stel wanneer sekwestrasie wel tot die voordeel van skuldeisers sal wees.<sup>8</sup> Een van die belangrikste oorwegings waaraan howe aandag skenk is of die skuldeisers spoedig 'n dividend sal ontvang.<sup>9</sup> Die Insolvensiewet bevat geen voorgeskrewe minimum rakende die vereiste grootte van die dividend nie en dit sal grootliks van die feite en omstandighede van elke saak afhang.<sup>10</sup> Die Noord-Gauteng Hoë Hof het 'n praktykshandleiding gepubliseer wat bepaal dat die dividend minstens 20c in die rand moet wees.<sup>11</sup>

Weens die swaarder bewyslas by vrywillige boedeloorgawes het skuldenaars die gedwonge sekwestrasieproses begin misbruik ten einde kwytskelding van skulde te verkry.<sup>12</sup> Dit staan as vriendskaplike sekwestrasies bekend. 'n Vriendskaplike sekwestrasie is gewoonlik waar 'n vriendskaps- of familieverband tussen die skuldenaar en een van sy skuldeisers bestaan en die skuldenaar van artikel 8(g) gebruik maak om by wyse van gedwonge sekwestrasie gesekwestreer te word en sodoende 'n kwytskelding van skulde ontvang.<sup>13</sup> Omdat howe van mening is dat

---

<sup>5</sup> *Ibid.*

<sup>6</sup> Hfst 1 par 1.2 en hfst 2 par 2.3.

<sup>7</sup> Hfst 1 par 1.2 en hfst 2 par 2.4.

<sup>8</sup> *Ibid.*

<sup>9</sup> Hfst 2 par 2.4.

<sup>10</sup> *Ibid.*

<sup>11</sup> *Ibid.*

<sup>12</sup> Hfst 2 par 2.5.

<sup>13</sup> *Ibid.*

skuldenaars in samewerking met “vriendelike” skuldeisers gedwonge sekwestrasie misbruik om die streng vereistes van artikel 4 te ontsnap, het sommige howe buite hul magte opgetree deur addisionele vereistes neer te lê. Hierdie tipe aansoeke word gevolglik streng beoordeel.<sup>14</sup> Sommige howe het selfs ook begin om aansoeke om vrywillige boedeloorgawe strenger te beoordeel om sodoende ook misbruik van die vrywillige boedeloorgaweprosedure te voorkom.<sup>15</sup> Die voordeelvereiste is dus ‘n hekkie waaroor menigte skuldenaars moet kom ten einde kwytskelding van skulde te verkry. Dit is dus duidelik dat die voordeelvereiste ‘n groot aantal skuldenaars se toegang tot skuldverligting uitsluit of beperk.

Nadat ‘n skuldenaar gesekwestreer is, kan hy by wyse van ‘n mosie aansoek om rehabilitasie doen.<sup>16</sup> Die gevolge van rehabilitasie is dat die sekwestrasieproses beëindig word en die insolvente skuldenaar van al sy skulde wat voor sekwestrasie ontstaan het, kwytgeskeld word. Die insolvent word dan ook weer as ten volle handelingsbevoeg beskou.<sup>17</sup> Soos reeds vermeld, maak die huidige alternatiewe skuldverligtingsprosedures nie vir sodanige kwytskelding voorsiening nie.

Die Suid-Afrikaanse Regskommissie is wel bewus van die probleem wat menigte skuldenaars ondervind om voordeel vir skuldeisers te bewys.<sup>18</sup> Die Regskommissie maak daarom ‘n aantal voorstelle in hierdie verband in beide die 2000-Insolvensiewetsontwerp sowel as die 2014-Insolvensiewetsontwerp, maar die voordeelvereiste bly steeds behoue.<sup>19</sup> Die Regskommissie stel voor dat ‘n skuldenaar ‘n voorlikwidasië-komposisie met sy skuldeisers aangaan. Indien daar geen komposisie bereik kan word nie, sal dit dan duidelik wees dat die skuldenaar inderdaad insolvent is. In hierdie geval maak subklousule (16) van skedule 4 van die 2000-Insolvensiewetsontwerp voorsiening vir ‘n goedkoper likwidasië prosedure. Alhoewel geen voordeel vir skuldeisers of sekuriteit vir kostes hier vereis word nie, word skuldeisers se belange wel beskerm omdat daar onder andere voorsiening vir

---

<sup>14</sup> *Ibid.*

<sup>15</sup> *Ibid.*

<sup>16</sup> Hfst 2 par 2.6.

<sup>17</sup> *Ibid.*

<sup>18</sup> Hoofstuk 2 par 2.7.

<sup>19</sup> *Ibid.*

‘n Aangansel gemaak word wat as ‘n verklaring van die skuldenaar se sake dien en die registrasie van ‘n *caveat* by die Registrateur van Aktes en die beslaglegging van bates nadat ‘n likwidasiebevel gemaak is.<sup>20</sup> Evans is van mening dat hierdie voorstelle wel ‘n oplossing bied om die leemte in hierdie area van die reg te vul. Vanaf die skuldeisers se oogpunt sal hierdie voorstelle verwelkom word omdat selfs “klein” konkurente skuldeisers nou ‘n deel van hul eise sal kan terugkry omdat daar geen moontlikheid van kontribusies bestaan nie. Wat die skuldenaars betref het Evans die volgende stelling gemaak:<sup>21</sup>

Insolvency legislation invariably almost over-reaches itself in regulating the position of different classes of creditors. The debtor, however, is apparently merely defined, with no further attention being given to him, her or it. Although the Act does not provide for different classes of debtors who are being treated differently in accordance with differing or changes in circumstances, it does in fact differentiate between those “rich debtors” who are able to prove advantage to creditors, and the “poor debtors” who cannot. This raises the question whether, under present legislation, the door has been opened for those ‘poor debtors’ to question the constitutionality of their position.

Daar is tans ook ‘n 2014-Insolvensiewetsontwerp. In die 2014-Insolvensiewetsontwerp maak klousule 118 voorsiening vir ‘n voorlikwidasiekomposisie met skuldeisers.<sup>22</sup> Die voorstel om die voorlikwidasiekomposisie by die Wet op Landdroshowe in te sluit, verskuif nou na die Insolvensiewet.<sup>23</sup> Dit blyk dus asof die Regskommissie tog die probleem wat die voordeelvereiste vir sekere skuldenaars veroorsaak, raaksien en gaan poog om dit met die voorlikwidasiekomposisie aan te spreek.

Soos reeds vroeër vermeld, kan ‘n skuldenaar, buiten vir sekwestrasie ook van statutêre skuldverligtingsprosedure gebruik maak,<sup>24</sup> naamlik die administrasiebevel kragtens die Wet op Landdroshowe<sup>25</sup> of die skuldherieningsprosedures kragtens

---

<sup>20</sup> *Ibid.*

<sup>21</sup> Hoofstuk 1 par 1.2.

<sup>22</sup> Hoofstuk 2 par 2.7.

<sup>23</sup> *Ibid.*

<sup>24</sup> Sien hoofstuk 3.

<sup>25</sup> 32 van 1944.



die Nasionale Kredietwet<sup>26</sup> Net soos wat 'n skuldenaar se toegang tot die sekwestrasieproses beperk is, is 'n skuldenaar se toegang tot administrasie en skuldheriensing is ook egter beperk. 'n Skuldenaar kan slegs om administrasie aansoek doen indien sy skulde nie die bedrag van R50 000 oorskry nie. 'n Skuldenaar sal ook slegs vir skuldheriensing kwalifiseer indien sy skulde as kredietooreenkomste kwalifiseer.<sup>27</sup> Verder, na my mening, kan administrasie en skuldheriensing nie as behoorlike skuldverligting geklassifiseer word nie. Daar is geen maksimum tydsbeperking aan 'n administrasie- of skuldherstruktureringsbevel verbonde nie en kan 'n skuldenaar, teoreties, vir die res van sy lewe aan 'n administrasie- of skuldherstruktureringsbevel gebonde wees.<sup>28</sup> Soos reeds beklemtoon, ontvang die skuldenaar egter ook geen kwytskelding van sy skulde nie.<sup>29</sup>

Sekwestrasie is dus die enigste vorm van skuldverligting wat tot Suid-Afrikaanse skuldenaars se beskikking is. Ongelukkig is die posisie tans in die Suid-Afrikaanse reg dat 'n skuldenaar te "arm" kan wees om vir sekwestrasie te kwalifiseer.<sup>30</sup> Die vraag is nou, soos wat deur Evans opgemerk is,<sup>31</sup> of die deur nie dalk vir hierdie "arm" skuldenaars oopgegaan het om hul posisie grondwetlik te toets nie. Die Grondwet is die hoogste reg in Suid-Afrika en enige wet of handeling wat daarmee in stryd is, is ongeldig.<sup>32</sup> Artikel 9 in die Grondwet verseker die reg op gelykheid en lees as volg:<sup>33</sup>

- (1) Elkeen is gelyk voor die reg en het die reg op gelyke beskerming en voordeel van die reg.
- (2) Gelykheid sluit die volle en gelyke genieting van alle regte en vryhede in. Ten einde die bereiking van gelykheid te bevorder, kan wetgewende en ander maatreëls getref word wat ontwerp is vir die beskerming of ontwikkeling van persone, of kategorieë van persone wat deur onbillike diskriminasie benadeel is.
- (3) Die staat mag nie regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde nie, met inbegrip van ras,

---

<sup>26</sup> 34 van 2005.

<sup>27</sup> Sien hoofstuk 3 par 3.2 en par 3.3.

<sup>28</sup> *Ibid.*

<sup>29</sup> *Ibid.*

<sup>30</sup> Hoofstuk 1 par 1.2.

<sup>31</sup> *Ibid.*

<sup>32</sup> Hoofstuk 4 par 4.2.

<sup>33</sup> Hoofstuk 4 par 4.2.1.

geslagtelikheid, geslag, swangerskap, huwelikstaat, etniese of sosiale herkoms, kleur, seksuele georiënteerdheid, ouderdom, gestremdheid, godsdienst, gewete, oortuiging, kultuur, taal en geboorte.

- (4) Geen persoon mag regstreeks of onregstreeks onbillik teen iemand diskrimineer op een of meer gronde ingevolge subartikel (3) nie. Nasionale wetgewing moet verorden word om onbillike diskriminasie te voorkom of belet.
- (5) Diskriminasie op een of meer van die gronde in subartikel (3) vermeld, is onbillik, tensy daar vasgestel word dat die diskriminasie billik is.

Subartikel (4) maak daarvoor voorsiening dat indien daar op een van die gronde in subartikel (3) gelys, gediskrimineer word, dit as onbillike diskriminasie gesien kan word.<sup>34</sup> Die lys in subartikel (3) is egter nie geslote lys nie. Onbillike diskriminasie kan egter steeds as billik beskou word kragtens artikel 36.

Die toets om vas te stel of daar inbreukmaking op artikel 9 bestaan, is in die Konstitusionele Hof se beslissing in *Harksen v Lane*<sup>35</sup> neergelê. Hierdie toets kan in die volgende drie stappe verdeel word<sup>36</sup>:

- (a) Differensieer die uitgedaagde wet of gedrag tussen mense of kategorieë van mense? Indien wel, is dit verbind met 'n rasonele regeringsdoel? Indien nie, is daar inbreukmaking op artikel 9(1).
- (b) Om te bepaal of die differensiasie op onbillike diskriminasie neerkom moet die volgende twee vrae beantwoord word:
  - (i) Eerstens, kom die differensiasie op diskriminasie neer? As die differensiasie op een van die gelyste gronde plaasvind, dan is dit diskriminasie. As die differensiasie nie op een van die gelyste gronde neerkom nie, moet daar objektief gekyk word of die grond waarop die differensiasie gebaseer is die potensiaal het om die persoon se menswaardigheid aan te tas.
  - (ii) En tweedens as die differensiasie op diskriminasie neerkom moet daar gekyk word of dit onbillike diskriminasie is. As daar op een van die gelyste gronde gediskrimineer word, kan daar aanvaar word dat dit onbillike diskriminasie is. As die diskriminasie op 'n ongelyste grond is,

---

<sup>34</sup> *Ibid.*

<sup>35</sup> 1998 1 SA 300 (CC).

<sup>36</sup> *Harksen v Lane* par 53.

sal die klaer moet aantoon dat dit onbillik is. Die toets of dit onbillike diskriminasie is fokus hoofsaaklik op die impak van die diskriminasie op die klaer en die impak wat die diskriminasie op persone in dieselfde omstandighede as die klaer het. As daar vasgestel is dat die diskriminasie nie onbillik is nie, dan bestaan daar geen inbreukmaking op artikels 9(3) en (4) nie.

- (c) As daar bevind word dat die diskriminasie onbillik is dan moet daar vasgestel word of dit kragtens artikel 36 regverdigbaar is.

Die Insolvensiewet differensieer myns insiens tussen twee groepe skuldenaars, naamlik “arm” skuldenaars wat nie voordeel vir skuldeisers kan bewys nie, en “ryk” skuldenaars wat wel voordeel vir skuldenaars kan bewys.<sup>37</sup> Hierdie differensiasie is ook wel met ‘n rasonele regeringsdoel verbind. Die Insolvensiewet se hoofdoel, soos verskeie kere alreeds beklemtoon, is nie om skuldverligting aan skuldenaars te bied nie.<sup>38</sup> Die hoofdoel van die Insolvensiewet is om voorsiening te maak vir ‘n kollektiewe skuldinvorderingsmetode wat vir die billike en regverdige verdeling van ‘n skuldenaar se bates voorsiening maak in omstandighede waar die skuldenaar nie in staat is om sy skuldeisers se eise te bevredig nie.<sup>39</sup> Die sekwestrasieprosedure is ‘n duur proses om te volg en behoort slegs gevolg te word indien daar iets daaruit te verkry is.<sup>40</sup> Die voordeelvereiste vervul in hierdie verband ‘n belangrike funksie. Daar bestaan dus ‘n rasonele regeringsdoel en daarom moet die res van die toets in *Harksen v Lane* toegepas word.<sup>41</sup>

Volgens die *Harksen v Lane*-beslissing sal die differensiasie, indien dit op ‘n gelyste grond in artikel 9(3) plaasvind, is dit onbillike diskriminasie.<sup>42</sup> Die lys in artikel 9(3) is egter nie ‘n geslote lys nie.<sup>43</sup> Indien dit nie op ‘n gelyste grond plaasvind nie, moet daar gekyk word of die grond waarop die diskriminasie gebasseer is, die potensiaal

---

<sup>37</sup> Hfst 4 par 4.2.3.

<sup>38</sup> Hfst 1 par 1.1; hfst 2 par 2.1.

<sup>39</sup> *Ibid.*

<sup>40</sup> Hfst 4 par 4.3.

<sup>41</sup> *Ibid.*

<sup>42</sup> Hfst 4 par 4.2.3.

<sup>43</sup> *Ibid.*

het om die persoon se menswaardigheid aan te tas.<sup>44</sup> Dit is onseker op watter grond die Insolvensiewet tussen groepe skuldenaars differensieer. Myns insiens differensieer die Insolvensiewet tussen groepe skuldenaars op grond van hul sosio-ekonomiese status. Die Wet op die Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie bevat 'n definisie van “sosio-ekonomiese status” en hoewel dit nie as 'n gelyste grond ingesluit is nie, is dit duidelik dat dit vir die wetgewer belangrik is.<sup>45</sup> Hierdie differensiasie het beslis die potensiaal om 'n persoon se menswaardigheid aan te tas aangesien die skuldenaar hom alreeds in 'n benarde finansiële posisie bevind wat reeds 'n impak op sy menswaardigheid het, en dan kan hy ook nie soos “ryk” insolvente skuldenaars 'n kwytskelding van sy skulde verkry nie.<sup>46</sup> Die Insolvensiewet diskrimineer dus gevolglik onbillik tussen groepe skuldenaars.

Mensregte geld nie absoluut nie en dus nadat daar bevind is dat daar onbillike diskriminasie bestaan, moet daar vasgestel word of sodanige diskriminasie redelik en regverdigbaar kragtens die bepalings van artikel 36 van die Grondwet is.<sup>47</sup> Na my mening is hierdie beperking op die reg op gelykheid nie redelik en regverdigbaar nie aangesien daar nie 'n goedkoper behoorlike alternatiewe skuldverligtingsprosedure tot hierdie “arm” skuldenaars se beskikking is ten einde om 'n kwytskelding van hul skulde te verkry nie.

### 5.3 Finale opmerkings

Die sekwestrasieproses kragtens die bepalings van die Insolvensiewet is tans die enigste skuldeverligtingsmaatreël wat aan skuldenaars 'n kwytskelding van skulde verskaf. Ten einde hierdie kwytskelding te verkry moet die skuldenaars voordeel vir skuldeisers bewys. As gevolg van die swaar bewyslas wat skuldenaars het om voordeel vir skuldeisers te bewys, word 'n groot aantal skuldenaars van die sekwestrasieproses uitgesluit. Dit het aanleiding tot sogenaamde vriendskaplike

---

<sup>44</sup> *Ibid.*

<sup>45</sup> Hfst 4 par 4.2.2.

<sup>46</sup> Hfst 4 par 4.2.3.

<sup>47</sup> Hfst 4 par 4.2.3 en par 4.3.

sekwestrasië gegee waar skuldenaars in samewerking met “vriendelike” skuldenaars die gedwonge sekwestrasiëprosedure misbruik ten einde om hierdie kwystskelding te verkry. Howe het daarom begin om hierdie tipe aansoëke streng te beoordeel en sommige howe het selfs buite hul magte gegaan en addisionele vereistes waaraan hierdie tipe aansoëke moet voldoen, neer te lê. Sommige howe het self nou ook addisionele vereistes waaraan aansoëke om vrywillige boedeloorgawes moet voldoen, neergelê.

Daar is statutêre alternatiewe skuldverligtingsprosedures tot skuldenaars se beskikking, maar nie een van hierdie maatreëls verskaf aan skuldenaars ‘n kwystskelding van skulde nie. Die huidige Insolvensiewet diskrimineer onbillik by wyse van die voordeelvereiste teen “arm” skuldenaars. Die oplossing is egter nie bloot om van die voordeelvereiste ontslae te raak nie. Dit is belangrik dat die voordeelvereiste behoue bly. Sekwestrasië is ‘n duur prosedure om te volg en moet daarom slegs gevolg word indien dit die moeite werd sou wees. In hierdie opsig vervul die voordeelvereiste ‘n belangrike funksie. Al wat die voordeelvereiste van ongrondwetlikheid sal red is ‘n goedkoper behoorlike alternatiewe skuldverligtingsmaatreël wat aan eerlike skuldenaars ‘n kwystskelding van skulde sal verskaf.

## BIBLIOGRAFIE

---

### BOEKE

Bertelsmann E ea

*Mars: The Law of Insolvency in South Africa* (versorg deur Nagel C J)

Juta Kaapstad (2008)

Currie I & De Waal J

*The Bill of rights Handbook*

Juta & Co Kaapstad (2005)

Joubert J & Prinsloo S

*The Law of Education in South Africa* (2de uitgawe)

Van Schaik (2011)

Kleyn D & Viljoen F

*Beginner's Guide for Law Students* (4de uitgawe)

Juta & Co Kaapstad (2010)

Nagel C J ea

*Kommersiële Reg* (4de uitgawe)

LexisNexis Durban (2011)

Sharrock H E ea

*Hockly's Insolvency Law*

Juta Kaapstad (2007)

Smith C H

*The Law of Insolvency*

Butterworths Durban (1988)

## **KOERANTBERIGTE**

Meiring, L "SA middelklas maak skuld om te oorleef" *Beeld* 8 Mei (2013)

## **PROEFSKRIFTE**

Roestoff M

*'n Kritiese evaluasie van skuldverligtingsmaatreëls vir individue in die Suid-Afrikaanse insolvensiereg* (LLD-proefskrif Universiteit van Pretoria 2002)

Swart C F

*Die Rol van 'n Consursus Creditorum in die Suid-Afrikaanse Insolvensiereg* (LLD-proefskrif Universiteit van Pretoria 1990)

## TYDSKRIFARTIKELS

Boraine A & Roestoff M

“Vriendskaplike sekwestrasies – ‘n produk van verouderde beginsels?” (Deel 1) 1999  
*De Jure* 229

Coetzee H & Roestoff M

“Consumer Debt Relief in South Africa – Should the Insolvency System Provide for NINA Debtors? Lessons from New Zealand” 2013 *International Insolvency Review* (Vol 22) 198

Evans R G

“The Abuse of the Process of Court and Possible Solutions for Overburdened Debtors” (2001) 13 *SA Merc LJ* 485

Evans R G

“The Abuse of the Process of Court in Friendly Sequestration Proceedings in South Africa” (2002) *International Insolvency Review* (Vol ?) 13

Evans R G

“Law reform in respect of assets in insolvent estates in South Africa” (2010) 22 *SA Merc LJ* 465

Evans R G

“Legislative exclusions or exemptions of property from the insolvent estate” (2011)  
*PELJ* 39



Otto J M

“Over-indebtedness and Applications for Debt Review in terms of the National Credit Act: Consumer Beware! Firstrand Bank Ltd v Olivier” 2009 *SA Merc LJ* 272

Roestoff M & Renke S

“Debt Relief for Consumers – Insolvency and Consumer Protection Legislation” (Part 2) 2006 27 *Obiter* 98

Roestoff M & Coetzee H

“Consumer Debt Relief in South Africa; Lessons from America and England and Suggestions for the Way Forward” 2012 *SA Merc LJ* 56

Rochelle M R

“Lowering the penalties for failure: using the insolvency law as tool for spurring economic growth, the American experience, and possible uses for South Africa” 1996 *TSAR* 315

## **VERSLAE**

*South African Law Commission Report Project 63 “Review of the Law of Insolvency”*

Vol 1: *Explanatory Memorandum* en Vol 2: *Draft Bill* (2000)

INSOL International Consumer Debt Report 2001

## ANDER

<http://www.justice.gov.za/salrc/> (besoek op 11 November 2014)

## LYS VAN WETGEWING

---

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika 1996

Insolvensiewet 24 van 1936

Nasionale Kredietwet 34 van 2005

Wet op Bevordering van Gelykheid en Voorkoming van Onbillike Diskriminasie 4 van 2000

Wet op Landdroshowe 32 van 1944

2000-Insolvensiewetsontwerp

2014-Insolvensiewetsontwerp

## SAKEREGISTER

---

*ABSA Bank Ltd v De Klerk* 1999 4 SA 835 (OK)

*Amod v Khan* 1947 2 SA 432 (N)

*Blou v Lampert and Chipkin NNO* 1970 2 SA 185 (T)

*Botha v Botha* 1990 4 SA 499 (W)

*Cape Town Municipality v Dunne* 1964 1 SA (C)

*Collet v FirstRand Bank Ltd* 2011 4 SA 508 (SCA)

*Craggs v Dedekind; Ex parte Steenkamp v Baartman and Another* 1996 1 SA 935 (K)

*Epstein v Epstein* 1987 4 SA 606 (K)

*Esterhuizen v Swanepoel and Sixteen Other Cases* 2004 4 SA 89 (W)

*Ex parte Anderson* 1995 1 SA 40 (SOK)

*Ex parte Anthony en 'n Ander en Ses Soortgelyke Aansoeke* 2000 4 SA 116 (C)

*Ex parte Bouwer and Similar Applications* 2009 6 SA 382 (GNP)

*Ex parte Ford* 2009 3 SA 376 (WCC)

*Ex parte Ford* 2009 3 SA 376 (WCC)

*Ex parte Kruger* 1930 CPD 37

*Ex parte Le Roux* 1996 2 SA 412 (K)

*Ex parte Maas* 1940 WLD 103

*Ex parte Mattysen et Uxor (First Rand Bank Intervening)* 2003 2 SA 308 (T)

*Ex parte Ogunlaja and Others* 2011 JOL 27029 (GNP)

*Ex parte Pillay* 1955 2 SA 309 (N)

*Ex parte Poritt* 1991 3 SA 866 (N)

*Ex parte Steenkamp and Related Cases* 1996 3 SA 822 (C)

*Ex parte Theron; Ex parte Smit; Ex parte Webster* 1999 4 SA 136 (O)

*Ex parte Trollip* 1940 WLD 46

*Ex parte Van den Berg* 1962 4 SA 402 (O)

*Ex parte Van Rensburg* 1946 OPD 64

*Ex parte Veitch* 1965 1 SA 667 (W)

*Fesi v ABSA Bank Ltd* 2000 1 SA 499 (C)

*Firststrand Bank Ltd v Olivier* 2009 3 SA (SE)

*Fortuin v Various Creditors* 2004 2 SA 570 (C)

*Harksen v Lane NO* 1998 1 SA 300 (CC)

*Hillhouse v Stott; Freban Investments (Pty) Ltd v Itzkin; Botha v Botha* 1990 4 SA 580 (W)

*Illic v Paraginos* 1985 1 SA 795 (A)

*Kerbel v Chames* 1925 WLD 72

*Klemrock (Pty) Ltd v De Klerk* 1973 3 SA 925 (W)

*Kruger v The Master* 1982 1 SA 754 (W)

*Levine v Viljoen* 1952 1 SA 456 (W)

*London Estates (Pty) Ltd v Nair* 1957 3 SA 591 (D)

*Meskin & Co v Friedman* 1948 2 SA 555 (W)

*Meyer v Batten* 1999 1 SA 1041 (W)

*Mthimkhula v Rampersad & Another (BOE Bank Ltd, intervening Creditor)* (2002) 3 All SA 512 (N)

*Nedbank Ltd and Others v National Credit Regulator* 2011 3 SA 581 (SCA)

*Nel NO v Body Corporate of the Seaways Building* 1996 1 SA 131 (SCA)

*Nel v Lubbe* 1999 3 SA 109 (W)

*Peycke v Nathoo* 1929 50 NLR 178

*President of the Republic of South Africa v Hugo* 1997 4 SA 1 (CC)

*Prinsloo v Van der Linde* 1997 3 SA 1012 (CC)

*R v Meer* 1957 3 SA 614 (N)

*Ressil v Levin* 1964 1 SA 128 (K)

*Sellwell Shop Interiors v Van der Merwe* (Ongeraporteerde saaknommer 27527/1990, 16 November 1990)

*Stainer v Estate Beukes* 1933 OPD 86

*Standard Bank of SA Ltd v Panayiotts* 2009 3 SA (W)

*Streicher v Viljoen* 1999 All SA 257 (NC)

*Trust Wholesalers and Woolens (Pty) Ltd v Macan* 1954 2 SA 109 (N)

*Vermeulen v Hubner* (Ongeraporteerde saaknommer 1165/1990, datum onbekend)

*Walker v Syfret* 1911 AD 141